


T.N&A



TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
26STE JAARGANG NR. 2 2019

A
&
T
Z
F

Redaksioneel Marni Bonthuys	1
Voorwoord Timothy Colleman, Yves T'Sjoen, Annelies Verdooleaege en Martina Vitackova	2
Gaan hal die sjampanje! 'n Korpusondersoek na skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans Peter Dirix en Liesbeth Augustinus	4
Traumastudies en Breytenbachs gevangenispoësie Francine Maessen	20
'n Kartering van Breyten Breytenbach se betrokkenheid by die Gorée-instituut vir demokrasie, ontwikkeling en kultuur in Afrika (1987-2017) Alwyn Roux en Yves T'Sjoen	30
Survival strategies of black female characters in Chika Unigwe's novel <i>On Black Sisters' Street</i> Martina Vitackova	51

Omslag: Ontwerp en illustrasie deur Christa van Zyl

T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Nederlandstiek. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redaksie: Dr. M. Bonthuys

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Willem de Vries, Annie Klopper en Gertie Veldman

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans/Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en R200 per jaar vir buitelandse lede

Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)

- E-pos die bewys van u betaling saam met die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, prof. Adri Breed by Adri.Breed@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

J. Dewulf (University of California)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

Noordwes-Universiteit)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

J. van der Elst (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg,

R. Gouws (Universiteit Stellenbosch)

Universiteit van Amsterdam)

T. Colleman (Universiteit Gent)

R.S. Kirsner (University of California)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

Redaksioneel

Marni Bonthuys

Hierdie uitgawe van *TN&A* bevat artikels wat spruit uit enkele van die referate gelewer by die sesde Gentse colloquium oor Afrikaans in België. In die voorwoord hierna, brei die organiseerders van die colloquium in meer detail uit oor die fokus van die geleentheid. Die drie referate wat hier opgeneem is, verteenwoordig bydraes oor taal- sowel as letterkunde en is gelewer deur kollegas van Vlaamse, Nederlandse en Suid-Afrikaanse universiteite. Hoewel dit slegs 'n beperkte aanbod van die colloquium weergee, reflektereer dit dus die spektrum van onderwerpe en perspektiewe wat hier ter tafel gebring is. Peter Dirix en Liesbeth Augustinus van KU Leuven se taalkundige bydrae is 'n korpusondersoek na skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans. Die artikels van Francine Maessen (Universiteit Leiden) sowel as die artikel van Alwyn Roux en Yves T'Sjoen (UNISA en UGent), handel oor Breyten Breytenbach wie se literêre oeuvre die onderwerp van die colloquium se letterkunde-afdeling was. Maessen konsentreer op Breytenbach se tronkpoësie binne die konteks van traumastudies, terwyl Roux en T'Sjoen 'n ondersoek doen na Breytenbach se betrokkenheid by die Gorée-instituut in Dakar, Senegal. Beide bydraes wys op die veelvlakkigheid van die posisie van Breyten Breytenbach wat wyer strek as die Afrikaanse letterkunde en skakeling vind met die breër konteks van postkoloniale Afrika.

'n Vierde bydrae word ingesluit van Martina Vitackova. Haar artikel ondersoek die Belgies-Nigeriese skrywer Chika Unigwe se voorstelling van gemarginaliseerde swart vroulike emigrante wat as sekswerkers in Antwerpen 'n lewe maak in die roman *On Black Sisters' Street*. Hoewel Vitackova se artikel nie spruit uit 'n referaat wat by die colloquium gelewer is nie, was sy wel een van die organiseerders van hierdie colloquium en is sy ook 'n medewerker aan die Gentse Sentrum vir Afrikaans en die Studie van Suid-Afrika. Haar bydrae skakel dus met die onderwerp van hierdie spesiale uitgawe. Hiermee ook opregte dank aan ons kollegas aan UGent vir hulle bereidwilligheid om die artikels by die colloquium gelewer, soos in die verlede, vir opname in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* beskikbaar te stel.

Universiteit van Wes-Kaapland

Voorwoord

**Timothy Colleman, Yves T'Sjoen, Annelies Verdoollaeghe
en Martina Vitackova**

Het zesde colloquium over het Afrikaans vond plaats aan de Universiteit Gent op 17 en 18 oktober 2019, daags na de Mandelalezing door Breyten Breytenbach in de Aula en het gesprek van Margriet van der Waal met de schrijver (op initiatief van het Afrika Platform van de UGent). Het Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika, onderzoeksgroep van de UGent, organiseerde met de steun van FWO-Vlaanderen en verschillende UGent-vakgroepen het symposium in Het Pand. Zoals tijdens de vorige edities presenteerde het programma onderzoek in twee disciplines: taal- en letterkunde van het Afrikaans. Het thema van het taalkundige deel van het colloquium was ‘Taalvariatie in het Afrikaans’, waaronder zowel variatie binnen het hedendaagse Afrikaans (langs geografische, sociale, etnische, stilistische, generationale en andere lijnen) als variatie in de tijd kan worden verstaan. Onderwerpen die aan bod kwamen, omvatten de verhouding tussen het Standaardafrikaans en andere variëteiten, de status en het gebruik van het Kaaps, het restandaardiseringsdebat, het gebruik van het Afrikaans, de opkomst van nieuwe sociolecten, enzovoort. Ook waren er bijdragen waarin de hedendaagse variatie in de eigenschappen of het gebruik van specifieke lexicale of grammaticale fenomenen in kaart werd gebracht. De plenaire spreker voor het taalkundige deel van het colloquium was Gerald Stell (The Hong Kong Polytechnic University), die de resultaten belichtte van nieuw onderzoek naar verschillende variëteiten van het Afrikaans in Namibië.

Het letterkundige deel was integraal gewijd aan het literaire oeuvre van Breyten Breytenbach. We vierden in 2019 niet alleen de tachtigste verjaardag van Breytenbach, maar ook de vijfde verjaardag van zijn toetreding als doctor honoris causa tot de universitaire gemeenschap in Gent. Bovendien werd de Gentse leerstoel Zuid-Afrika: talen, literatuuren, cultuur en maatschappij in het academisch jaar 2019-2020 bekleed door Louise Viljoen en is het werk van Breytenbach een van de belangrijke aandachtsgebieden in haar wetenschappelijke onderzoek. Vanuit transnational en intercultureel perspectief werd tijdens het colloquium aandacht besteed aan de aanwezigheid en kritische receptie van Breytenbach in de Lage Landen, in de francofone, Angelsaksische en anderstalige wereld. De internationale gestalten van Breytenbach in hun linguïstische en culturele inbedding waren het onderwerp van een geanimeerd en geschakeerd gesprek. Ook vertalers werden uitgenodigd voor een panelgesprek. Désirée Schyns (vakgroep Vertalers, Tolken en Communicatie, UGent) en Yves T'Sjoen

(vakgroepen Letterkunde & Talen en Culturen) traden als monitor op van een publiek gesprek over literaire vertaling, in samenspraak met Breytenbach. De literaire productie van Breytenbach circuleert in en wordt gepercipieerd vanuit verschillende taal- en cultuurgebieden, in (inter)nationale circuits, buiten het gebied waar initieel de productie van het schrijfwerk tot stand komt. Zowel poëtische en literair-esthetische als institutionele benaderingen kregen aandacht. In aanwezigheid van de leerstoelhouder, de schrijver en zijn vertalers in het Frans (Georges Lory) en Pools (Jerzy Koch) én met eminente internationale onderzoekers op het toneel werd gedurende twee dagen intensief gepraat over het omvangrijke literaire oeuvre, met vooral aandacht voor de internationale postuur. De internationale positionering van Breytenbachs oeuvre is in het onderzoek nog maar weinig belicht. In dit nummer van *TN&A* worden artikels aangeboden van referaten die in Gent voor een uitgebreid en zeer betrokken publiek naar voren zijn gebracht.

Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika (UGent)

Gaan haal die sjampanje! 'n Korpusondersoek na skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans

Peter Dirix en Liesbeth Augustinus

A corpus study on the alternation of complex and simplex initials in Afrikaans

In Afrikaans main clauses the lexical verb usually appears on the second sentence bracket when it is selected by an auxiliary on the first sentence bracket. However, an alternative construction with the main verb collocated with the auxiliary on the first sentence bracket is also possible. Those constructions are called ‘simplex initials’ and ‘complex initials’ respectively. We conduct a corpus study to investigate which factors determine the alternation between both constructions. The corpus data reveal that only a few combinations of the auxiliary and lexical verb appear in both constructions. We present the results of a distinctive collexeme analysis in which we investigate which verb combinations are significantly attracted to one of the constructions.

1. Inleiding

Net soos in Nederlands en Duits staan die hoofwerkwoord in Afrikaanse hoofsinne op die tweede sinspool as dit geselekteer word deur 'n hulpwerkwoord op die eerste sinspool, soos in (1). 'n Alternatiewe konstruksie waar die hoofwerkwoord saam met die hulpwerkwoord op die eerste sinspool staan, is in teenstelling met Nederlands en Duits egter ook moontlik, soos in (2).

- (1) Ek *kom* hier werk *soek*.
- (2) Ek *kom soek* hier werk.

In die literatuur staan konstruksies soos (2) bekend as 'complex initials' (CI), 'quirky verb second' (De Vos, 2006) of skakelwerkwoordsamesmelting (Ponelis, 1979: 244-245), in teenstelling met 'simplex initials' (SI) of nieversmelte konstruksies soos in (1). Sowel Ponelis (1993), Robbers (1997) as De Vos (2006) vermeld dat 'n aantal werkwoorde in beide konstruksies voorkom sonder betekenisverskil. 'n Aantal konstruksies soos *gaan haal* en *laat kom* is waarskynlik geleksikaliseer (Ponelis, 1993), maar volgens Robbers (1997) is daar in die meerderheid van die gevalle geen semantiese onderskeid tussen die twee konstruksies nie. Ander skrywers gee voorstelle vir moontlike

betekenisverskille, soos 'n kousatiewe versus 'n permissiewe betekenis in die geval van *laat* (De Vos, 2006) of vir *gaan* en *kom* die gebruik as 'n toekomsmerker versus 'n aspektuele betekenis. Sowel De Stadler (1992) as De Vos (2005: 179-181) voer aan dat die fokus vir versmelte konstruksies met *gaan* en *loop* eerder lê op die toekomsverwysing van die hulpwerkwoord, terwyl daar vir nieversmelte konstruksies 'n bewegingsbetekenis is. Vir Biberauer (2020) is samesmelting vir hierdie twee werkwoorde verplig in die geval van bevelsinne.

'n Aantal medewerkwoorde kom voor in versmelte konstruksies: *gaan*, *laat* en *kom*, maar ook ander direkte skakelwerkwoorde, dit is werkwoorde wat as vervangende infinitief ('infinitivus pro participio' – IPP) kan optree: *probeer*, *leer*, *begin* en *help*.¹ De Vos (2001) beweer dat versmelte konstruksies geleksikaliseer is, en dat *probeer*, *leer*, *begin*, *help*, *aanhou* en *ophou* amper altyd nieversmelt optree en ook amper altyd vervang sou kon word deur 'n *om te*-infinitifkonstruksie. Hy merk verder ook op dat in die geval van skakelwerkwoordsamesmelting al die werkwoorde op die eerste sinspool moet staan, soos in hierdie voorbeeld uit Robbers (1997):

- (3) Nou gaan staan en verf hulle die ding groen.

Van Schoor (1983: 167-173) daarenteen gee ook voorbeeld met *aanhou* en *bly* in versmelte konstruksies, terwyl Biberauer (2019) ook die leksikale werkwoorde *bly*, *begin* en *probeer*, en Cavarani-Pots (2020) *help* en *leer* identifiseer as moontlike hulpwerkwoorde vir samesmelting.

Uit 'n klein korpusstudie (gesproke Afrikaans) met 421 voorbeelde besluit Ponelis (1993: 325-331) dat die versmelte konstruksie slegs kan voorkom by *gaan*, *laat*, *kom* en *bly*, en dat hulle alleenlik in die geval van *kom* die voorkeur kry. Hy voer aan dat verskeie faktore die ontwikkeling van skakelwerkwoordsamesmelting in Afrikaans beïnvloed het. Vermits die konstruksie ook voorkom in ouder en dialektiese Nederlands, en dan meestal in 'n bevelsinkonstruksie, waar die morfologies eenvoudigste vorme voorkom, stel hy dat die gebrek aan werkwoordmorphologie lei tot samesmelting. Hy vermeld ook leksikalisering en die bestaan van saamgestelde werkwoorde van die V+V-tipe in Khoitale. Verder argumenteer Ponelis (1979: 244-245) dat versmelte konstruksies eerder omgangstaal is, terwyl nieversmelte konstruksies formeler is. Hieruit lei hy af dat daar een samesmeltingsproses is wat nog nie afgerond is nie, dus dat ons in die middel van 'n taalveranderingsproses is waar versmelte konstruksies die nieversmelte langssamerhand sal vervang.

Daarnaas vind ons ook voorbeelde met indirekte skakelwerkwoorde wat in die

plek van 'n gewone infinitief deur die bindpartikel *en* met die hoofwerkwoord verbind word soos in (4): *staan*, *loop*, *lê* en *sit* (Biberauer, 2019). Ponelis (1993) vermoed op grond van sy korpusstudie (wat slegs ses voorbeelde bevat) dat hierdie werkwoorde altyd versmelte konstruksies selekteer. Vir De Vos (2006) is dit egter opsioneel, maar die skeibare partikel kan nie in die versmelte werkwoordgroep indring nie:

- (4) a. Waarom *staan en jaag* Jan die olifante weg?
- b. Waarom *staan* Jan die olifante *en wegjaag*?
- c. *Waarom *staan en wegjaag* Jan die olifante?

Cavirani-Pots (2020) vermeld ook nog dat die partikel *en* by *loop* met 'n bewegingsbetekenis opsioneel is, maar verplig is in progressiewe konstruksies.

Samesmelting is egter onmoontlik by hulpwerkwoorde van tyd en modale hulpwerkwoorde, byvoorbeeld:

- (5) a. Sy moet die kinders *help*.
- b. *Sy moet *help* die kinders.

Hierdie beskouings lei tot 'n aantal vrae wat ons oor hierdie konstruksies kan stel. Watter werkwoorde vertoon wisseling tussen versmelte en nieversmelte konstruksies? Is daar werkwoorde wat 'n leksikale voorkeur vir een van die twee konstruksies het? Is daar semantiese verskille tussen die konstruksies? Is daar ander faktore wat die wisseling kan verklaar?

Die hipoteses uit die literatuur is nog nie op grond van 'n uitgebreide korpusondersoek getoets nie en die bostaande vrae is dus ook nog nie beantwoord nie. In hierdie ondersoek bestudeer ons vir tien werkwoorde of die wisseling tussen die twee konstruksies bepaal word deur 'n leksikale faktor: die keuse van die hoofwerkwoord. Daarby ondersoek ons ook watter konstruksie verkie字 word in bevelsinne.

2. Korpusondersoek

In hierdie ondersoek wil ons nagaan watter faktore die afwisseling tussen die twee konstruksies bepaal. Meer spesifieker bestudeer ons in hierdie studie die invloed van die hoofwerkwoord op die keuse tussen versmelte en nieversmelte konstruksies aan die hand van die korpora in Korpusportaal.² Hierdie databasis bevat meer as 200 miljoen woorde van verskeie genres vanveral geskrewe Afrikaans (handboeke, romans, wettekste, Bybeltekste, Wikipedia, ensovoorts)

wat outomatis gelemmatiseer is (met 'n akkuraatheid van ongeveer 90%) en van woordsoort voorsien is (met 'n akkuraatheid van ongeveer 75%). Vanweë die ontoereikendheid van die woordsortetikettering van die resultate en die feit dat 'n (uitgebreide) boombank nie vir Afrikaans bestaan nie, is ons verplig om handmatig deur die resultate te gaan en die vals positiewe uit te filtreer. Bowendien is dit moeilik om die genre van 'n gegewe sin te bepaal omdat die afvoerleers van die korpussoektogte onvoldoende is of selfs geen metagegewens bevat nie.

Ons ondersoek die invloed van die hoofwerkwoord op die awisseling vir tien werkwoorde in hoofsinné. 'n Eerste groep is *gaan*, *kom*, *laat* en *bly*, omdat dit uit die bestaande literatuur en 'n aantal beperkte korpusstudies blyk dat hierdie werkwoorde produktief gebruik word in beide konstruksies (Ponelis, 1993; Klein, 2009). Daarnaas neem ons ook *aanhou* en *ophou* mee in die studie omdat hierdie werkwoorde volgens Cavigani-Pots (2020) vernuwende, nietradisionele IPP-werkwoorde is en *aanhou* volgens Van Schoor (1983) ook versmelt kan voorkom. Die laaste groep werkwoorde is *probeer*, *begin*, *leer* en *help*. Hierdie groep word tipies in nieversmelte konstruksies gebruik volgens Ponelis (1993), maar Biberauer (2019) en Cavigani-Pots (2020) voer aan dat versmelting nie onmoontlik is nie. Ons het vir die laaste groep werkwoorde vertrek van die data wat Bertrands (2020) vir haar korpusstudie versamel het. Die dataversameling is analoog aan wat ons gedoen het vir die ander werkwoorde.

Vanweë die ekstra handmatige skoonmaakwerk wat gedoen moes word na afloop van die korpussoektog, het ons vir enige konstruksie per werkwoord wat meer as 300 korpustrefslae opgelewer het, 'n ewekansige steekproef van 300 trefslae geneem en hieruit die syfers vir die volledige korpus geëkstrapoleer. Vir die werkwoord *laat* het ons die soekstring (6) by versmelte en (7) by nieversmelte konstruksies gebruik. Die soekopdragte vir die ander werkwoorde is analoog.

- (6) "laat" [pos="WW.*"] [word="die|'n"]
- (7) "laat" [word="die|'n"] []{0,4} [pos="WW.*"]

Ons het die soekstring dus ook verder beperk tot sinne wat 'n objek het wat met 'n bepaalde (die) of onbepaalde ('n) lidwoord begin (dus 'n naamwoordgroep), en in die geval van die nieversmelte konstruksie die middelveld ook beperk tot maksimaal vyf woorde. Die gevolg van hierdie beperking is dat ons net konstruksies ondersoek met oorganlike werkwoorde. Die medewerkwoorde kan ook met onoorganlike werkwoorde kombineer, maar deur die powere kwaliteit van die etikettering kon ons nie akkurate resultate vir onoorganlike werkwoorde bereken nie. Ons sal dit verder ondersoek in toekomstige werk.

3. Resultate

3.1 Algemene resultate

Die korpusresultate in Tabel 1 bevestig dat agt van die tien werkwoorde inderdaad in beide konstruksies voorkom. 206 631 242 woorde is outomaties deursoek. Die resultate is geskat op basis van 'n ewekansige steekproef van (maksimaal) 300 gevalle per konstruksie. Jammer genoeg het ons geen trefslae met die beperking uit die vorige paragraaf vir *aanhou* en *ophou* gevind nie en op grond daarvan is dit nie sinvol om 'n verder analise vir hierdie twee werkwoorde te doen nie.

	Frekwensie CI		Frekwensie SI	
	#	%	#	%
<i>kom</i>	1 629	75,82	519	24,18
<i>help</i>	29	19,46	120	80,54
<i>gaan</i>	2 453	16,31	12 588	83,69
<i>laat</i>	924	13,37	5 989	86,63
<i>leer</i>	11	11,70	83	88,30
<i>bly</i>	56	11,52	430	88,48
<i>begin</i>	39	1,78	2 152	98,22
<i>probeer</i>	10	0,47	2 110	99,53
Totaal	5 151	17,68	23 991	82,32

Tabel 1: Voorkoms in versmelte (CI) en nieversmelte (SI) konstruksies ná ekstrapolasie

Daar is groot verskille in die verdeling tussen die konstruksies. *Kom* is die enigste van die ondersoekte werkwoorde wat meestal in versmelte konstruksies aangetref word (75,82% van die gevalle). Dit sluit aan by Ponelis (1993) se insigte oor *kom*. Die werkwoorde *help*, *gaan*, *laat*, *leer* en *bly* het 'n voorkeur vir nieversmelte konstruksies, maar versmelte konstruksies maak 'n aansienlike deel uit van die datastel (tussen 11 en 20% van die gevalle). In die geval van *begin* en *probeer* wys die data in Tabel 1 dat die werkwoorde nieversmelte konstruksies verkie. Versmelte konstruksies is egter nie heeltemal onmoontlik nie, maar met minder as 2% vorm dit 'n baie klein kategorie.

Die volgende voorbeeld illustreer die variasie wat ons in die Korpusportaal aangetref het vir die ondersoekte werkwoorde:

- (8) ... en gelukkig *kom staan* 'n mooi groot ooi langs kyk ...
- (9) Na 'n rukkie staan hy op en *kom* 'n entjie van haar *staan*.
- (10) Sy *help pak* die kleingeldtjies op hopies, ...
- (11) Ons *help* die geskenkies in die kar *pak*.
- (12) Sy ma *gaan haal* 'n halwe brood.
- (13) Hulle *gaan* die mechanic *haal*.
- (14) Daleen *laat gaan* die mes.
- (15) *Laat* die natuur sy gang *gaan*.
- (16) Sy *leer ken* die eksentrieke sirkusbase, ...
- (17) Ek *leer* 'n uitruilstudent van Sjina *ken*.
- (18) Saskia *bly staan* 'n rukkie op die stoep ...
- (19) Ek *bly* 'n rukkie by die trap *staan*.
- (20) Kort daarna *begin val* die brandsolder stuk vir stuk ...
- (21) Skielik *begin* die mure om hulle *val*.
- (22) ... het Tokota gevra of hy *probeer sê* die skool probeer verskonings as 'n rookskerm ...
- (23) Wat *probeer* die Meester vir ons *sê*?

Tabel 2 toon met hoeveel verskillende hoofwerkwoorde elkeen van die ondersoekte werkwoorde in enige konstruksie voorkom. Hierdie frekwensies is bereken op grond van die steekproef van 300 resultate. Die eerste kolom toon die aantal verskillende werkwoordertypes (lemmas) wat ons in die konstruksies aangetref het. Die resultate is verdeel in tipes wat net in versmelte of nieversmelte konstruksies voorkom en werkwoorde wat in die twee konstruksies voorkom. Byvoorbeeld, vir die werkwoord *gaan* het ons 58 verskillende hoofwerkwoorde aangetref in die versmelte konstruksie. 38 van die hoofwerkwoorde kombineer net met die versmelte konstruksie, 20 van die hoofwerkwoorde kom ook voor by die nieversmelte konstruksies. Hierdie informasie is weergegee in die tabel as 58 (38+20). Vir die aantal trefslae per konstruksie, het ons 'n gelyksoortige verdeling gemaak: so is daar 222 trefslae vir *gaan* in versmelte konstruksies. In 96 trefslae kombineer *gaan* met 'n hoofwerkwoord wat net in die datastel van versmelte konstruksies voorkom. In 126 gevalle kombineer dit met 'n hoofwerkwoord wat ook in die datastel met nieversmelte konstruksies voorkom. Dit is weergegee as 222 (96+126).

	# tipes	# trefslae	% tipes CI/SI	% trefslae CI/SI
CI <i>kom</i>	71 (65+6)	240 (209+31)		
SI <i>kom</i>	26 (20+6)	33 (23+10)	6,19%	15,02%
CI <i>help</i>	22 (15+7)	29 (19+10)		
SI <i>help</i>	44 (37+7)	63 (51+12)	10,61%	23,91%
CI <i>gaan</i>	58 (38+20)	222 (96+126)		
SI <i>gaan</i>	145 (125+20)	267 (212+55)	9,85%	37,01%
CI <i>laat</i>	41 (22+19)	200 (38+162)		
SI <i>laat</i>	144 (125+19)	245 (178+67)	10,27%	51,46%
CI <i>leer</i>	3 (2+1)	11 (2+9)		
SI <i>leer</i>	18 (17+1)	61 (21+40)	4,76%	68,05%
CI <i>bly</i>	23 (16+7)	55 (25+30)		
SI <i>bly</i>	20 (13+7)	45 (15+30)	16,28%	30,00%
CI <i>begin</i>	30 (20+10)	39 (21+18)		
SI <i>begin</i>	126 (116+10)	158 (136+22)	6,41%	20,30%
CI <i>probeer</i>	8 (7+1)	9 (8+1)		
SI <i>probeer</i>	142 (141+1)	251 (250+1)	0,67%	0,38%

Tabel 2: Aantal tipes hoofwerkwoorde en trefslae per konstruksie
(CI = versmelt, SI = nieversmelt)

Uit die resultate blyk dit dat, indien ons die kombinasie met die hoofwerkwoord in ag neem, slegs 'n minderheid van die konstruksies 'n werklike afwisseling vertoon. Ook binne daardie groep is daar dikwels 'n voorkeur van die hoofwerkwoord vir 'n spesifieke konstruksie. So ook kom die kombinasie *gaan haal* amper uitsluitlik voor as samesmelting (12); nieversmelte konstruksies is egter nie heeltemal onmoontlik nie (13).

Die werkwoorde vertoon groot verskille in die relatiewe aantal konstruksies wat die afwisseling laat blyk. In die geval van *laat* is meer as die helfte van die trefslae in hierdie kategorie. Vir die hulpwerkwoord *leer* is 68,05% van die trefslae die kombinasie *leer ken*, wat in albei konstruksies voorkom. *Probeer* vertoon die minste opsionaliteit: daar is een hoofwerkwoord, *sê*, wat in albei die konstruksies staan, en dan nog met maar net een trefslag in elkeen van die kategorieë.

Vir elkeen van hierdie werkwoorde gee ons in Tabelle 3 tot 10 die vyf mees frekwente hoofwerkwoorde met hul frekwensie tussen hakies. Ons sien Zipf se verdeling: 'n klein aantal werkwoorde kom herhaaldelik voor, terwyl 'n groot versameling werkwoorde slegs een maal voorkom. Veral in nieversmelte konstruksies kom baie hoofwerkwoorde slegs een maal voor in die datastel.

	CI kom		SI kom
# 1	<i>geniet</i> (55)	<i>kuijer</i> (3)	
# 2	<i>maak</i> (25)	<i>staan</i> (3)	
# 3	<i>sê</i> (12)	<i>aansweef</i> (2)	
# 4	<i>lê</i> (12)	<i>inloer</i> (2)	
# 5	<i>sit</i> (10)	<i>aanhardloop</i> (2)	

Tabel 3: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *kom*

	CI help		SI help
# 1	<i>verseker</i> (3)	<i>skep</i> (4)	
# 2	<i>beplan</i> (2)	<i>dryf</i> (3)	
# 3	<i>maak</i> (2)	<i>grootmaak</i> (3)	
# 4	<i>organiseer</i> (2)	<i>verstaan</i> (3)	
# 5	<i>beskerm</i> (2)	<i>aantrek</i> (2)	

Tabel 4: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *help*

	CI gaan		SI gaan
# 1	<i>verseker</i> (3)	<i>skep</i> (4)	
# 2	<i>beplan</i> (2)	<i>dryf</i> (3)	
# 3	<i>maak</i> (2)	<i>grootmaak</i> (3)	
# 4	<i>organiseer</i> (2)	<i>verstaan</i> (3)	
# 5	<i>beskerm</i> (2)	<i>aantrek</i> (2)	

Tabel 5: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *gaan*

	CI <i>laat</i>		SI <i>laat</i>	
# 1	<i>weet</i>	(61)	<i>wonder</i>	(9)
# 2	<i>val</i>	(48)	<i>afkoel</i>	(8)
# 3	<i>staan</i>	(21)	<i>ontstaan</i>	(8)
# 4	<i>vaar</i>	(13)	<i>voel</i>	(8)
# 5	<i>lê</i>	(5)	<i>kom</i>	(7)

Tabel 6: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *laat*

	CI <i>leer</i>		SI <i>leer</i>	
# 1	<i>ken</i>	(9)	<i>ken</i>	(40)
# 2	<i>bemeester</i>	(1)	<i>verstaan</i>	(3)
# 3	<i>sien</i>	(1)	<i>praat</i>	(2)
# 4			<i>voorspel</i>	(2)
# 5			<i>lees</i>	(1)

Tabel 7: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *leer*

	CI <i>bly</i>		SI <i>bly</i>	
# 1	<i>staan</i>	(9)	<i>staan</i>	(16)
# 2	<i>lê</i>	(6)	<i>sit</i>	(6)
# 3	<i>glo</i>	(6)	<i>draai</i>	(2)
# 4	<i>sit</i>	(6)	<i>ontwyk</i>	(2)
# 5	<i>hang</i>	(4)	<i>uitsteek</i>	(2)

Tabel 8: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *bly*

	CI <i>begin</i>		SI <i>begin</i>	
# 1	<i>sien</i>	(3)	<i>speel</i>	(7)
# 2	<i>word</i>	(3)	<i>word</i>	(5)
# 3	<i>speel</i>	(3)	<i>maak</i>	(5)
# 4	<i>skryf</i>	(2)	<i>pak</i>	(4)
# 5	<i>val</i>	(2)	<i>bymekaarmaak</i>	(3)

Tabel 9: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *begin*

	CI probeer		SI probeer
# 1	<i>kwantifiseer</i> (2)	<i>hou</i> (12)	
# 2	<i>aanvoer</i> (1)	<i>maak</i> (9)	
# 3	<i>beding</i> (1)	<i>kry</i> (7)	
# 4	<i>belieg</i> (1)	<i>oortuig</i> (6)	
# 5	<i>bevorder</i> (1)	<i>oplos</i> (6)	

Tabel 10: Frekwentste hoofwerkwoorde vir *probeer*

3.2 Onderskeidende kollekseemanalise

Uit die algemene resultate blyk dit dat daar min kombinasies van 'n medewerkwoord en 'n hoofwerkwoord is wat in beide konstruksies voorkom. Daarom voer ons een onderskeidende kollekseemanalise uit (Gries en Stefanowitsch, 2004; Gries, 2007) om vas te stel watter hoofwerkwoorde beduidend ($p < 0,05$) aangetrek word deur een van die twee konstruksies.

Hiervoor bereken ons die kollostruksiesterkte (CS), wat die waargeneemde waardes met die verwagte waardes vergelyk, gebaseer op die verhouding tussen die voorkoms van versmelte en nieversmelte konstruksies in die volledige datastel en wat verkry word deur die logaritme te neem van die uitkoms van Fisher (1922) se eksakte toets. Die resultate is gelys in Tabelle 11 tot 17. Die tweede en derde kolom van enige tabeldeel gee die aantal waarnemings in onderskeidelik versmelte (CI) en nieversmelte (SI) konstruksies. Ons het slegs die hoofwerkwoorde wat beduidend tot die medewerkwoord aangetrek word, vermeld in die tabelle, waarby $CS > 3$ beduidend is vir $p < 0,001$, $CS > 2$ vir $p < 0,01$ en $CS > 1,30103$ vir $p < 0,05$.

Uit die resultate blyk dit dat vir die meeste ondersoekte werkwoorde die hoofwerkwoord 'n bepalende faktor is in die keuse vir 'n versmelte of 'n onversmelte konstruksie. Net vir *leer* is daar geen hoofwerkwoorde wat beduidend tot die medewerkwoord aangetrek word nie. As ons na die data kyk, is daar net een werkwoord met 'n hoë frekwensie: *ken* (wat sowel in versmelte as nieversmelte konstruksies voorkom).

CI <i>kom</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>kom</i>	#CI	#SI	CS
<i>geniet</i>	55	0	3,46	<i>aanhardloop</i>	0	2	1,85
<i>maak</i>	25	0	1,47	<i>aansweef</i>	0	2	1,85
				<i>inloer</i>	0	2	1,85
				<i>kuier</i>	3	3	1,60
				<i>staan</i>	4	3	1,39

Tabel 11: Kollekseemanalise vir *kom*

CI <i>help</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>help</i>	#CI	#SI	CS
<i>verseker</i>	3	0	1,54				

Tabel 12: Kollekseemanalise vir *help*

CI <i>gaan</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>gaan</i>	#CI	#SI	CS
<i>haal</i>	40	1	13,24	<i>wees</i>	0	52	14,75
<i>lees</i>	13	0	4,54	<i>hê</i>	0	5	1,32
<i>maak</i>	28	9	3,99	<i>kom</i>	0	5	1,32
<i>sit</i>	11	0	3,83				
<i>soek</i>	13	1	3,62				
<i>besoek</i>	7	0	2,42				
<i>kyk</i>	7	0	2,42				
<i>staan</i>	8	1	2,04				
<i>gooi</i>	5	0	1,73				
<i>koop</i>	5	0	1,73				
<i>sien</i>	6	1	1,44				
<i>geniet</i>	4	0	1,38				

Tabel 13: Kollekseemanalise vir *gaan*

CI <i>laat</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>laat</i>	#CI	#SI	CS
<i>weet</i>	61	2	20,86	<i>wonder</i>	0	9	2,36
<i>val</i>	48	5	12,77	<i>ontstaan</i>	0	8	2,10
<i>vaar</i>	13	0	4,61	<i>word</i>	0	7	1,83
<i>staan</i>	21	5	3,86	<i>doen</i>	0	6	1,57
				<i>aфkoel</i>	1	8	1,42
				<i>wees</i>	0	5	1,30

Tabel 14: Kollekseemanalise vir *laat*

CI <i>bly</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>bly</i>	#CI	#SI	CS
<i>glo</i>	6	0	1,61	<i>staan</i>	9	16	1,61

Tabel 15: Kollekseemanalise vir *bly*

CI <i>begin</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>begin</i>	#CI	#SI	CS
<i>sien</i>	3	1	1,60				
<i>wens</i>	2	0	1,42				

Tabel 16: Kollekseemanalise vir *begin*

CI <i>probeer</i>	#CI	#SI	CS	SI <i>probeer</i>	#CI	#SI	CS
<i>kwantifiseer</i>	2	0	2,97				
<i>aanvoer</i>	1	0	1,46				
<i>beding</i>	1	0	1,46				
<i>belieg</i>	1	0	1,46				
<i>bevorder</i>	1	0	1,46				
<i>impliseer</i>	1	0	1,46				
<i>platskiet</i>	1	0	1,46				

Tabel 17: Kollekseemanalise vir *probeer*

Vir die werkwoorde *help*, *gaan*, *laat*, *begin* en *probeer* wys die resultate dat daar meer werkwoorde is wat tot die versmelte konstruksie aangetrek word, en dat die kollostruksiesterkte groter is as die kollostruksiesterkte van die werkwoorde wat tot die nieversmelte konstruksies aangetrek word. In die geval van *help*, *begin*

en *probeer* is daar nie werkwoorde wat beduidend tot nieversmelte konstruksies aangetrek word nie. Vir *kom* en *laat* is daar meer werkwoorde wat aangetrek word deur die nieversmelte konstruksie, maar die kollostruksiesterkte vir die werkwoorde wat aangetrek word deur die versmelte konstruksie is in die algemeen (baie) groter. Vir *bly* tref ons net een werkwoord aan in elke kategorie en nie een van die werkwoorde het 'n groot kollostruksiesterkte nie.

3.3 Bevelsinne

Ons het vir die agt werkwoorde wat afwisseling vertoon ook ondersoek of 'n bevelskonstruksie invloed het op die voorkoms van samesmelting. Ons het getel hoeveel van die geselecteerde voorbeelde met en sonder werkwoordsamesmelting 'n imperatief bevat en dit op dieselfde manier geëkstrapoleer soos in Tabel 1.

	Frekwensie CI		Frekwensie SI	
	#	%	#	%
<i>kom</i>	801	100,00	0	0,00
<i>gaan</i>	736	100,00	0	0,00
<i>help</i>	7	46,67	8	53,33
<i>bly</i>	1	9,09	10	90,91
<i>laat</i>	143	9,02	1 442	90,98
<i>begin</i>	1	2,38	41	97,62
<i>leer</i>	0	0,00	3	100,00
<i>probeer</i>	0	0,00	210	100,00
Totaal	1 689	49,63	1 714	50,37

Tabel 18: Voorkoms in versmelte (CI) en nieversmelte (SI) konstruksies vir imperatiewe ná ekstrapolasie

Die resultate wys dat die bewegingswerkwoorde *gaan* en *kom* inderdaad altyd saamsmelt in bevelskonstruksies, soos verwag op grond van Biberauer (2020). Vir *gaan* is dit teengesteld aan die feit dat die nieversmelte vorm algemeen meer frekwent is. Aan die ander kant kom *probeer* en *leer* alleen nieversmelt voor. Slegs *by help* sien ons geen voorkeur vir 'n spesifieke konstruksie nie.

4. Besluit

Uit die korpusondersoek en die onderskeidende kollekseemanalises blyk dit dat vir die meeste van die ondersoekte werkwoorde die hoofwerkwoord 'n bepalende faktor is in die keuse vir 'n versmelte of 'n onversmelte konstruksie. Vir *ophou* en *aanhou* het ons nie genoeg korpustrefslae gekry om 'n analise uit te voer nie. Slegs in die geval van *leer* het ons nie werkwoorde aangetref wat beduidend tot versmelte of nieversmelte konstruksies aangetrek word nie. In die algemeen wys die resultate dat die kollostruksiesterkte van die werkwoorde wat beduidend aangetrek word deur versmelte konstruksies (baie) groter is as die kollostruksiesterkte van die werkwoorde wat beduidend aangetrek word deur nieversmelte konstruksies. 'n Aantal van die konstruksies word deur Ponelis (1993) en De Vos (2001) as geleksikaliseer beskou. Bowendien vertoon die werkwoorde in bevelskonstruksies behalwe vir die minder frekwente medewerkwoord *help* 'n sterker voorkeur vir een van die twee konstruksies, waarby die bewegingswerkwoorde *gaan* en *kom* samesmelting verkieks in teenstelling met die ander werkwoorde.

In 'n volgende stap van hierdie navorsing gaan ons die nagevorste konstruksies nie beperk tot sinne met 'n naamwoordgroep in die middenveld nie. Verder gaan ons die korpusondersoek uitbrei na meer werkwoorde as die tien bogenoemde, om ook konstruksies in te sluit met indirekte skakelwerkwoorde, soos in (4) en langer versmelte konstruksies met drie of meer werkwoorde, soos in (24).

- (24) *Gaan lê en slaap hulle?*

Ons sal ook 'n regressieanalise uitvoer om te kontroleer of daar ander faktore is wat die wisseling bepaal, soos semantiese kenmerke (byvoorbeeld die kombinasie met oorganklike versus onoorganklike werkwoorde), buitetalige faktore (byvoorbeeld genre of dialekarea) en sintaktiese kenmerke (byvoorbeeld of die konstruksie in 'n bysin staan, aanwesigheid van 'n objek of 'n adjunk).^{3,4}

Bronnelys

- Bertrands, Hannah.** 2020. “Complex initials” in het Afrikaans. Een corpusgebaseerd onderzoek naar de alternantie tussen complex en simplex initials in het Afrikaans. B.A.-proefschrift. Leuven: KU Leuven.
- Biberauer, Theresa.** 2019. Grammaticalisation and pragmaticalisation have different entry points: evidence from pseudo-coordination. Referaat op die 2nd Pseudo-Coordination and Multiple Agreement Constructions Meeting. Venesië, Maart.
- Biberauer, Theresa.** 2020. Learning from commands: insights from Afrikaans. Referaat aan die KU Leuven, 14 Februarie 2020.
- Cavirani-Pots, Cora.** 2020. *Roots in Progress: Semi-lexicality in the Dutch and Afrikaans verbal domain*. Utrecht: Landelijke Onderzoekschool Taalwetenschap.
- De Stadler, Leon G.** 1992. Die werkwoorde kom en gaan als deiktiese medewerkwoorde. *South African Journal of Linguistics*, 10(2): 89-98.
- De Vos, Mark.** 2001. Afrikaans Verb Clusters: A Functional-Head Analysis. Master’s thesis. Tromsø: University of Tromsø.
- De Vos, Mark.** 2005. *The syntax of pseudo-coordination in English and Afrikaans*. Utrecht: Landelijke Onderzoekschool Taalwetenschap.
- De Vos, Mark.** 2006. Quirky Verb-Second in Afrikaans: complex predicates and head movement. In: Hartmann, J. and Molnárfi, L. (eds.). *Comparative Studies in Germanic Syntax: From Afrikaans to Z(urich German)*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. 89-114.
- Dirix, Peter en Augustinus, Liesbeth.** 2020. Kom geniet die dag! Een corpusonderzoek naar de alternantie tussen complex en simplex initials in het Afrikaans. In: *Studies van de Belgische Kring voor Linguïstiek*, 14.
- Dirix, Peter, Augustinus, Liesbeth en Van Eynde, Frank.** 2020. IPP in Afrikaans: a corpus-based investigation and a comparison with Dutch and German. In: De Vogelaer, G., Koster, D. and Leuschner, T. (eds.). *German and Dutch in contrast: synchronic, diachronic and psycholinguistic perspectives*. Berlin/Boston: De Gruyter. 109-142.
- Fisher, Ronald A.** 1922. On the Interpretation of χ^2 from Contingency Tables, and the Calculation of P. *Journal of the Royal Statistical Society* 85(1): 87-94.
- Gries, Stefan.** 2007. Coll.analysis 3.2a. A program for R for Windows 2.x.
- Gries, Stefan and Stefanowitsch, Anatol.** 2004. Extending collostructional analysis: A corpus-based perspective on ‘alternations’. *International Journal of Corpus Linguistics* 9(1): 97-129.
- Klein, Yolandi.** 2009. Syntactic Variation in Afrikaans – An Empirical Study. Master’s thesis. Cape Town: University of Cape Town.

- Ponelis, Friedrich Albert.** 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, Friedrich Albert.** 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Robbers, Karin.** 1997. *Non-finite verbal complements in Afrikaans: A comparative approach*. Den Haag: Holland Academic Graphics (HIL).
- Van Schoor, J.L.** 1983. *Die Grammatika van Standaard-Afrikaans*. Kaapstad/Johannesburg: Lex Patria.

Note

1. Vir 'n lys van die direkte en indirekte skakelwerkwoorde in Afrikaans, sien Dirix et al. (2020).
2. Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) (2018). Korpusportaal: Omvattend 1.4. <http://viva-afrikaans.org>
3. 'n Verkorte versie van hierdie artikel het verskyn as Dirix en Augustinus (2020).
4. Ons dank Suléne Pilon en die anonieme keurders vir hulle opmerkings op die artikel. Liesbeth Augustinus se navorsing is gefinansier deur FWO Vlaanderen.

Traumastudies en Breytenbachs gevangenispoëzie

Francine Maessen

Trauma Studies and Breytenbach's Prison Poetry

Breyten Breytenbach's poetry is heavily influenced by both personal and national trauma. This paper argues that conventional theories from trauma studies are insufficient to interpret his poetry in a satisfying manner, since they are based on modern European psychology, and therefore do not account for non-Western contexts. By incorporating a postcolonial perspective into the realm of trauma studies, this paper hopes to make up for these shortcomings, and advocates for a more inclusive view on the field in general. In the analysis of two poems by Breytenbach, "Ek het gedroom" and "(credo)", this paper will showcase the influence of Zen Buddhism, a fundamentally non-Western world view, to aid him in expressing the trauma discussed in the poems.

Trauma speelt een grote rol binnen de gevangenispoëzie van Breyten Breytenbach. Dat het een belangrijk thema binnen zijn werk is betekent echter niet dat het veld dat dit normaal analyseert, traumastudies, hier de juiste handvatten voor biedt. Door een sterke basis in West-Europese theorieën zoals psychoanalyse blijkt de toepasbaarheid van traumastudies op meer postkoloniaal werk soms te wensen over te laten.

In 2011 schreef Irene Visser (2011: 270) “at present [there is] no consensus about the question whether trauma theory can be effectively ‘postcolonialized’ in the sense of being usefully conjoined with or integrated into postcolonial literary studies”. In dit artikel zal ik dit probleem toelichten aan de hand van de analyse van twee gedichten van Breytenbach, “Ek het gedroom” en “(credo)”, afkomstig uit de respectievelijke bundels *Voetskrif* (1976) en *Lewendood* (1985)¹. Na een korte analyse zal ik bespreken welke problemen er ontstaan bij enkel een traditionele traumatheoretische benadering van deze gedichten. Mijns inziens laat die namelijk, vanuit een te Westerse, eurocentrische benadering, enkele interessante mogelijkheden liggen. Ik zal dan ook afsluiten met een pleidooi voor de mogelijkheden die een context-sensitieve benadering van postkoloniale traumatheorie kan bieden.

Eerst is het echter noodzakelijk om te verklaren waarom ik in het geval van Breyten Breytenbach een *postkoloniale* traumabenadering noodzakelijk acht. Hij blijft immers ook gewoon een witte (of zoals hij zelf zou zeggen, “witterige”) man die al heel veel jaren in Parijs woont en werkt (Breytenbach, 2015: 10).

Een aantal factoren maken echter dat ik het toch relevant vind om hem vanuit het postkoloniale kader te benaderen. Ten eerste speelt hierbij zijn eigen positionering, zowel in zijn geschreven werk als op politiek vlak, een grote rol, zoals zijn verzet tegen de apartheidsregering. Daarnaast is het belangrijk dat zijn thematiek zich duidelijk niet alleen tot Europa en Europese invloeden beperkt. Niet alleen spelen andere geografische plekken een grote rol, Breytenbachs werk laat zich duidelijk ook beïnvloeden door niet-westerse denkkramen. Het belangrijkste voorbeeld hiervan lijkt mij het zen-boeddhistische, een invloed waar ik later in dit artikel nog uitgebreid op in zal gaan. Ten derde is er Breytenbachs eigen voortdurende spel met positionering waardoor hij niet enkel als een Europees, maar ook nog steeds als een Afrikaans subject kan worden gezien. Ik hoop hiermee te hebben verduidelijkt waarom ik het noodzakelijk acht in dit artikel Breytenbach postkoloniaal te benaderen.

In de bundel *Voetskrif* kan men het volgende titelloze gedicht vinden, wat ik om die reden aan zal duiden met de eerste regel, “ek het gedroom”.

ek het gedroom:

ek is in 'n gevangenis met wit mure
waar niemand my ken nie waar stemme
in gange verdwaal waar ligte suis

my harspan fluit

ek het my self:

gehurk in 'n potjie sien kak die vlieë
kom met die somer in die nag
suis die ligte wit vlamme
ek het my naam:

op die lyste gesien hoe dit skuif
sonder dat iemand dit ontsyfer onthou
al dowwer deur die kringjare
ek is ingegroei in die wit van die tronk

ek het ontwaak:

toe die Judasoog 'n skrik na my kyk (Breytenbach, 2005: 18)

In dit gedicht komen twee narratieveën naar voren. Ten eerste die van iemand die in een gevangenis met witte muren zit opgesloten, het letterlijke narratief. In dit geval gaat het gedicht over een verstikkende gevangeniservaring. Het tweede

narratief is meer metaforisch, en gaat over een (wit) persoon die gedwongen wordt in een witte wereld te leven, een witte gevangenis dus, en is zo een kritiek op het apartheidbestel. Er is hier dus sprake van zowel het persoonlijke, individuele trauma van de gevangeniservaring als het grotere, deels collectieve trauma van leven onder apartheid. Dit trauma uit zich op verschillende manieren, bijvoorbeeld fysiek, zoals in de regel “my harspan fluit”, en mentaal, door distantiëring en disassociatie, zoals in de regels “ek het my self: / gehurk in ’n potjie sien kak”. Beide kunnen worden gezien als een uiting van post-traumatische stressstoornis (PTSS), een psychische stoornis die op kan treden als gevolg van een traumatische gebeurtenis. Zowel een fysieke reactie als distantiëring en disassociatie zijn bekende symptomen van PTSS. In dat laatste geval wordt het gezien als een copingsmechanisme: er wordt een afstand gecreëerd tussen het trauma en de eigen ‘ek’, en kan zo beschermen tegen de ervaring van het trauma (Van Vuuren, 1992: 15). In dit gedicht is het echter maar de vraag of dit mechanisme uiteindelijk succesvol is, bezien vanuit de laatste regel van de tweede strofe: “ek is ingegroeи in die wit van die tronk”. Hier lijkt het er op dat de ‘ek’ weer samensmelt met de traumatische ervaring, en in combinatie met de laatste strofe zal dat dan wijzen op uiteindelijk een volledig besef van de overweldigendheid van het trauma.

Het gedicht “(credo)” uit de bundel *Lewendood* kent een andere benadering van trauma. In de eerste strofes schept Breytenbach hier een subject dat weinig waarde hecht aan vaste identiteiten:

my naam
jy wat nou hier lees
is nie van belang nie
want dit gaan ook polstik verby en niks bly oor

ek het baie
ek het baie verloor
ek het al aan die einde van baie dinge gekom
eintlik het ek al genoeg gesien om my baard in te sluk
om my oë te mag sluit en onder die gras en grysheid te lê
in dievlammevuurherd van die aarde (Breytenbach, 2005: 110)

Zelfs zijn naam is niet van belang omdat ook die met het verstrijken van de tijd wel zal vergaan. Dit gegeven maakt het subject echter geen passief personage. Uit de tweede strofe blijkt al dat dit iemand is die zijn strepen heeft verdient, die veel gedaan en gezien heeft, ervaringen die het subject misschien zelfs wijs hebben gemaakt.

De grofweg tien strofes die hierop volgen beschrijven die ervaringen meer diepgaand. Er volgt een opsomming van dingen die het lyrisch subject heeft meegeemaakt: "in Honfleur het ek die wind se wit vinne gesien", "ek het 'n walviskoei al branders sien maak / aan die Kus van die Dood", "ek het ook vierdeklas gevaar in 'n boemelskip / verby die bruin mond van die Kongo", et cetera (Breytenbach, 2005: 110-111). Ontmoetingen met verschillende mensen, van een pelgrim tot een ambassadeur, worden afgewisseld met stadsbeelden ("Venesië is 'n enorme campo santo op stelte") of historische plekken ("by Verduin is die horizon platter as 'n breintelegraaf") (111). De aanwezigheid van de mens in deze plekken wordt afgewisseld met idyllische beelden van natuur, waarbij vooral het licht een grote rol lijkt te spelen: "ek het al die son met 'n goue môresnor bewerig sien buk / om die nagspieëlkoepel van die Pantheon te doen", "hoe die kralende huisies / gestring aan hobbelssteë deurskynend blou word / in die laaste sanderige asem van die aand", "in LM wat nou Maputo heet het die maan/ se hart gebreek en snikkend in die hawe gesink", "oor die Hoëveld knetter die weerligflitse / soos God in die dorings trap" (110-111). De verschillende ervaringen die worden genoemd zijn verre van eenduidig en vaak juist contrasterend, zoals in de volgende regels: "ek het al op broodkorsies onder bruê geslaap toe die hemel / 'n flenterjas was / en in die Hilton van Rotterdam" (111). Er is hier sprake van een echte wereldburger, die het product is van een scala aan invloeden, en wiens identiteit niet vast te pinnen is op één specifieke ervaring. Ook de tiende en elfde strofe, waarin we een omslag naar het meer persoonlijke zien, benadrukken dit en voegen er ook een nieuw, boeddhistisch, aspect aan toe.

ek het die eer gehad om vriendskap te beleef
 en verraad het ek op fluisterende straat ontmoet
 die aaier en die adder in die getuiebank
 die horingmannetjies met die week Joodasoe
 ek was intiem met mense wat selfmoord gepleeg het
 deur 'n glimlag van rook en as
 my hand het al loshand die Atlantis van 'n vrou verken
 ek was meesal bankreupel en 'n paar keer bankrot
 ek was al slim gewees en dikwels gelukkig dom
 en ek weet daar is nie 'n ek nie

die lewe is annica want nik shou stand
 en gaan verby
 die lewe is dukkha want oral is angs en pyn
 die as in onvolwaak en die lewenswiel loop skeef

die lewe is anatta want niks is alleen en apart nie
 niks bevat alles en niks het substansie
 maar dis nog alles niks of reeds alles (Breytenbach, 2005: 112)

In de regel “ek weet daar is nie ’n ek nie” distantiert het lyrisch subject zich wederom van het idee van een vaststaande identiteit. Alle ervaringen die het subject heeft opgedaan hebben hem keer op keer zozeer veranderd dat er geen sprake mee is van een ‘ek’ zo stabiel dat er naar te verwijzen valt. Daarnaast is deze regel ook een duidelijke verwijzing naar ideeën uit het zen-boeddhistisme, wat nog verder versterkt wordt door de vele boeddhistische termen uit de daaropvolgende strofe. Hier worden de drie karakteristieken uit het boeddhistisme genoemd, een beschrijving van de manier waarop dingen en objecten in de wereld aanwezig zijn. Annica betekent dat ze veranderlijk zijn, en dat maakt dingen tevens dukkha: pijnlijk of stressvol. Iets wat zowel annica als dukkha is, is niet gepast om als iemands bezit of als ‘zelf’ te beschouwen, wat het anatta maakt: niet-zelf, zonder zelf, zonder eigenaar. Het gevolg van deze redenering is dat er geen controle uit te oefenen is op iets wat anatta is, in het geval van deze strofe dus het leven.

De laatste strofes laten de zen-boeddhistische terminologie weer wat meer los en keren terug naar de kwestie van identiteit:

ek
 jy wat nou hier lees
 is niks
 is net ’n toevallige nommer in ’n sel
 en ’n hik in die lugypy
 of in die Groot Verseboek ’n opperste grap
 en nou het ek die reent soos horlosies op die tronk
 se dak hoor spring
 maar met my koue honderd jaar
 is ek nog nie oud nie
 en voordat dit alles voltrek en soos damp is
 wil ek my hart aan sy polstakke voel lig
 want ek deel ’n droom
 van vryheid van gelykheid van broederskap van vrede
 en sodoende van geregtigheid

en hoe sal ek sonder die waarheid kan lewe? (Breytenbach, 2005: 112-113)

Wederom cijfert het lyrisch subject zichzelf hier weg (“ek [...] is niks”). Voor een deel is dat te wijten aan de gevangenissituatie. Het is immers het gevangenisleven dat het lyrisch subject “net ’n toevallige nommer in ’n sel” maakt. De sporen die de ‘ek’ eventueel achterlaat in Oppermans *Groot Verseboek* maken geen indruk op het subject: het zijn materiële zaken die los staan van zijn identiteit. Wat die identiteit nog wel vormt, zijn de idealen. De droom van vrijheid, gelijkheid, broederschap, vrede en gerechtigheid zijn voor het subject dat wat het leven daadwerkelijk vormt, en waar geen verloochening mogelijk is. Zonder die dingen valt immers niet te leven.

In beide gedichten speelt een gevangenistrauma duidelijk een grote rol: er zijn verwijzingen naar cellen en de vernederingen van het gevangenisleven, en de subjecten worstelen met vraagstukken over de rol van en het behoud van identiteit in hun situaties. Echter, ondanks dat in beide gedichten trauma een grote rol speelt, is de toepasbaarheid van de handvatten uit traumastudies voor analyse heel verschillend. Wat voor beide gedichten in elk geval moeizaam is, is dat traumatheorie zich vooral richt op proza en enkele kenmerken van traumaliteratuur daardoor problematisch worden bij de toepassing op poëzie. Door de grote invloed van psychoanalyse op traumastudies is er een focus op elementen die te verklaren zijn vanuit neuroses en PTSS. Kenmerken van traumaliteratuur zijn daardoor vaak verstoringen van de lineaire verhaallijn, zoals flashbacks, hiaten of Cathy Caruth’s ‘aporetic dictum’, waarbij een personage niet in staat is traumatische zaken onder woorden te brengen (Visser, 2011: 274). In het geval van poëzie zijn deze kenmerken al snel zinloos om tekenen van traumaliteratuur mee te herkennen, aangezien een lineaire plotlijn zeker in moderne poëzie al een vrij zeldzaam gegeven is. Stijlkenmerken die in proza opvallend zijn, bijvoorbeeld het gebruik van neologismen om het aporetic dictum op te vullen, zijn onzinnig om als signalen van trauma te behandelen in poëzie, vooral in het geval van Breytenbach, wiens werk zich, ongeacht of het thematisch over trauma gaat of niet, kenmerkt door het vele gebruik van neologismen. Wanneer dit soort vormaspecten dus al inherent zijn aan de gebruikte tekstdform, is het nog maar zeer de vraag in hoeverre het gebruikt kan worden als onderbouwing in een analyse op het gebied van trauma.

Desalniettemin is niet elk deel van de op psychoanalytische leest geschoeide traumatheorie onbruikbaar voor poëzie. In het geval van “ek het gedroom” zijn het de kenmerken van PTSS die ons meer inzicht geven in de ervaring van het subject. Dit blijkt bijvoorbeeld uit de fysieke reacties zoals in “my harspan fluit” en de copingstrategieën die het subject toepast als distantiatie en disassociatie in regels zoals “ek het my self: / gehurk in ’n potjie sien kak”. Dat dit belangrijke kenmerken zijn van PTSS die men terug kan zien komen in gevangeniskoëzie

in het algemeen en die van Breytenbach in het bijzonder, was al opgemerkt door Helize van Vuuren in 1992. Hier legt zij al het verband tussen de symptomen van PTSS en hoezeer deze terugkomen in gevangenisliteratuur (Van Vuuren, 1992: 15). Dezelfde link wordt ook in 2007 gelegd door Daniël Roux, alhoewel het daar niet Breytenbachs poëzie maar zijn gevangenismemoires *True Confessions of an Albino Terrorist* betreft (Roux, 2007: 232).

Een verschil met “(credo)” is echter dat er bij “ek het gedroom” een minder uitgesproken visie op identiteit naar voren komt, vooral door de zen-boeddhistische invloeden in “(credo)”. In zijn analyse van de invloed van zen-boeddhisme op het werk van Breyten Breytenbach zei Andrew Nash (2009: 23) al: “[t]here is no self to turn back to, in the sense of a fixed and stable identity unchanged by the projects it undertakes”. Waar psychoanalyse, en door haar grote invloed op traumastudies ook dat veld, een vrij stabiel beeld van identiteit handhaaft, creëert het subject van “(credo)” een heel fluïde identiteitsvorming vanuit zen-boeddhistische idealen. In deze visie is het subject constant in verandering, ongeacht de situatie, en dat ondermijnt de transformerende kracht die een trauma kan hebben. Dit maakt ook de meer statische ideeën over één vaststaande identiteit, gebaseerd op individualisme, die heersen binnen traditionele traumastudies problematisch, en hun samenhang met de invloed van een trauma (Borzaga, 2012: 70). De laatste jaren zijn er dan ook meerdere oproepen geweest tot een meer context-sensitieve benadering van traumastudies (onder andere door Irene Visser, 2011, Michela Borzaga, 2012, J. Roger Kurtz, 2014, Stef Craps en Gert Buelens, 2008) omdat die vooral in het geval van postkoloniale traumaliteratuur meer recht aan het subject zouden doen. Van deze vier artikelen zal ik kort hun positie uiteenzetten, niet in de veronderstelling zijnde dat dit een uitputtend overzicht kan zijn maar wel om inzicht te geven in de ontwikkelingen in deze discussie.

Stef Craps en Gert Buelens (2008: 2) halen, in hun introductie voor een uitgave van *Studies in the Novel* over postkoloniale traumaliteratuur, aan dat alhoewel Cathy Caruth de mogelijkheden zag voor traumastudies om de “link between cultures” te zijn, zij dit effect zelf niet tot nauwelijks terug zien komen in het veld. Ze signaleren dat dit zich bijna exclusief bezig heeft gehouden met de ervaringen van witte westerse mensen en dat alle methodologieën afkomstig zijn uit de Europese en Amerikaanse context. In reactie hierop ontstaat volgens hen vanuit de psychologie en de postkoloniale studies een behoefte aan een nieuwe benadering.

Irene Visser (2011: 272) sluit zich aan bij de vragen die Craps en Buelens (2008) stellen en claimt dat er, in elk geval in 2011, nog geen consensus is over de vraag of traumatheorie effectief geïntegreerd kan worden in postkoloniale

literatuurwetenschap. Als belangrijk probleem hiervoor noemt Visser dat de definitie van PTSS te veel op westerse leest geschoeid zou zijn en dat er een behoefte is aan meer begrip over hoe traumastoornissen functioneren in een niet-westerse context. Freud's psychoanalyse blijft voor haar een belangrijke invloed op traumatheorie, maar sluit niet aan bij de soort trauma's die in postkoloniale studies worden behandeld.

Michela Borzaga (2012: 65) gaat er wat dieper op in om aan te tonen hoe deze zaken in de praktijk dan problematisch blijken. Zij toont aan de hand van *There Was This Goat* (2009) aan hoe problematisch het is om te werken met westerse psychiatrische en culturele theorieën over trauma in de complexe postkoloniale situatie van Zuid-Afrika. Hieruit blijkt niet alleen dat de reactie op trauma sterk cultureel beïnvloed is, maar ook dat westerse ideeën over wat traumatisch is sterk kan verschillen per culturele context. "What is needed is an approach to trauma that takes into account both the historical and cultural syncretisms as well as the everydayness of people's lives *and* their *unique* psychic textures" (Borzaga, 2012: 75, originele cursivering). Traumatheorie moet hiervoor niet slechts aangepast of gedekolonialiseerd worden, maar er moet ook kritisch gekeken worden naar de assumenties die eraan ten grondslag liggen.

J. Roger Kurtz zet in 2014 uiteen wat de belangrijkste invloeden op traditionele traumatheorie zijn en onderscheidt hierin Freudianse psychoanalyse, deconstructivisme en Holocauststudies. Ook hij vraagt zich af hoe werkbaar een theorie die op deze drie benaderingen gestoeld is, is buiten de Europese context, en of er niet te veel ongegrond wordt geuniversaliseerd (Kurtz, 2014: 423). Kurtz (2014: 424) ziet de oplossing hiervoor in meer aandacht voor de traumatogenische contexten van Afrikaanse literatuur; de invloed van zowel kenmerken van Europees modernisme als traditionele culturele expressie; en de transformatieve impuls van de "African moral imagination".

Ook in het geval van Breytenbach lijkt het mij onvermijdelijk om de verschillende culturele contexten waar in het werk naar wordt verwezen in ogen schouw te nemen wanneer men dit probeert te analyseren. In het geval van "(credo)" kan dit dan tot een vrij andere interpretatie van traumaliteratuur leiden dan men vaak ziet. In plaats van een 'ek' wat gedestabiliseerd wordt door een trauma, presenteert "(credo)" zo'n andere identiteitsvorming voor het lyrisch subject dat dit het trauma ondermijnt. Een 'ek' die niet bestaat of toch al constant aan verandering onderhevig is, die annica is, is niet te veranderen door een trauma: verandering had immers toch wel plaats gevonden, door het trauma of door iets anders, en deze erkenning ondermijnt een deel van de transformerende kracht van het trauma. Ook door het leven anatta te noemen wordt een andere houding tegenover trauma ingenomen. In traditionele

traumatheorie is trauma vaak het gevolg van onbegrip over hoe een situatie kon gebeuren en een gevoel van machteloosheid over een oncontroleerbare situatie: “What returns to haunt the victim [...] is not only the reality of the violent event but also the reality of the way that its violence has not yet been fully known” (Caruth, 1996: 6). Dit onkenbare en oncontroleerbare liggen dicht bij elkaar en door te accepteren dat het leven toch al oncontroleerbaar is verliest het trauma aan kracht. Het wordt deel van het dagelijks leven in plaats van een uitzonderlijke situatie. Dit maakt Breytenbachs poëzie op het gebied van trauma uitermate krachtig: het subtile samenspel van erkenning van het trauma en de ondermijning van het trauma door de zen-boeddhistische invloeden leidt tot een nieuw soort sereniteit.

De bovenstaande analyse zou moeilijk te doen zijn geweest binnen traditionele traumatheorie, omdat het zowel om een ander cultureel kader vraagt als om een ander begrip van trauma. Het is dus duidelijk dat er een behoefte is aan traumabenaderingen die vormaspecten en psychoanalyse overstijgen. Dat dit meer mogelijkheden zou bieden om de invloed van zen-boeddhisme op Breytenbachs traumapoëzie te analyseren is maar een klein voorbeeld van wat een context-sensitieve benadering zou kunnen doen. Andere belangrijke kansen liggen bijvoorbeeld in de erkenning van het verschil tussen individuele en collectieve trauma's (Craps en Buelens, 2008: 4) en de manier waarop er naar het verwerken van een trauma gekeken kan worden. Na de kritiek op de “talking cure” van de Waarheids- en verzoeningscommissie (Graham, 2008: 127) en de verwijten naar de bijna imperialistische druk tot vergeving na apartheid (Beneduce in Borzaga, 2012: 69) is het de plicht van postkoloniale literatuurkritiek om buiten de gebaande paden van traditionele traumatheorie te kijken. Een benadering die enkel de oplossing van het trauma kan zien in het herstellen van het lineaire tijdsverloop doet hierbij geen recht aan de diverse ervaringen van verschillende soorten trauma's. Een verschuiving van de focus op psychoanalytische invloeden bij traumastudies naar een focus op de invloed van deconstructivisme zou hier al kunnen helpen met het maken van grote stappen. Hiermee sluit ik mij dus zeker aan bij het standpunt dat Irene Visser in 2011 innam en ik ben optimistisch dat we tot een nieuwe, meer inclusieve benadering van trauma in literatuur kunnen komen.²

Bibliografie

- Borzaga, Michela.** 2012. Trauma in the Postcolony: Towards a New Theoretical Approach. In: Mengel, Ewald and Borzaga, Michela (eds). *Trauma, Memory, and Narrative in the Contemporary South African Novel: Essays*. Amsterdam New York: Brill Rodopi.
- Breytenbach, Breyten.** 2005. *Die ongedanste dans. Gevangenisgedigte 1975-1983*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 2015. *Parool/Parole*. Kaapstad: Penguin Random House.
- Caruth, Cathy.** 1996. *Unclaimed Experience: Trauma, Narrative and History*. Baltimore: John Hopkins University Press.
- Craps, Stef and Buelens, Gert.** 2008. Introduction. *Studies in the Novel*, 40(1-2): 10-12.
- Graham, Shane.** 2008. "This Text Deletes Itself": Traumatic Memory and Space-Time in Zoë Wicomb's David's Story. In: Craps, Stef en Buelens, Gert (eds). *Studies in the Novel*, 40(1-2): 127-145.
- Kurtz, J. Roger.** 2014. Literature, trauma and the African moral imagination. *Journal of Contemporary African Studies* 32(4): 421-435.
- Nash, Andrew.** 2009. Zen Communist: Breyten Breytenbach's view from underground. *Tydskrif vir Letterkunde* 46(2): 11-27.
- Roux, Daniël.** 2007. *Presenting the Prison: The South African Prison Autobiography under Apartheid*. Kaapstad: University of Cape Town.
- Van Vuuren, Helize.** 1992. *Poetry in Prison. A Study of Breyten Breytenbach's Five Volumes of Prison Poetry in Translation*. Durban: University of Natal.
- Visser, Irene.** 2011. Trauma theory and postcolonial literary studies. *Journal of Postcolonial Writing* 47(3): 270-282.

Noten

1. Deze bundels zijn geraadpleegd via de verzamelbundel *Die ongedanste dans. Gevangenisgedigte 1975-1983* (Breytenbach, 2005). Het is dan ook deze verzamelbundel die in de bibliografie is opgenomen en paginaverwijzingen bij de twee besproken gedichten in dit artikel zullen overeenkomen met de paginanummering in *Die ongedanste dans*.
2. Deze tekst is een bewerking van mijn lezing gegeven op het Colloquium vir Afrikaans in Gent in oktober 2019. Die lezing, en dus ook deze tekst, is gebaseerd op een deel van mijn afstudeerscriptie van de masteropleiding Literary Studies aan de Universiteit van Leiden.

'n Kartering van Breyten Breytenbach se betrokkenheid by die Gorée-instituut vir demokrasie, ontwikkeling en kultuur in Afrika (1987-2017)

Alwyn Roux en Yves T'Sjoen

A mapping of Breyten Breytenbach's involvement with the Gorée Institute for Democracy, Development and Culture in Africa (1987-2017)

This article aims to conduct an exploration of Breyten Breytenbach's involvement at the Gorée Institute for Democracy, Development and Culture in Africa, from 1987 to 2017. To begin with, the researchers give an outline of the founding of the Gorée Institute after the Dakar conference in July 1987, with specific reference to Frederik van Zyl Slabbert and Breyten Breytenbach's talks with the Senegalese president Abdou Diouf. It also discusses the events during the opening of the Gorée Institute on 25 June 1992, which includes a small poetry festival organised by Breyten Breytenbach and the Dutch poet, Jan Kees van de Werk. The cooperation between Breytenbach and Van de Werk leads up to the organisation of a poetry caravan from Gorée to Timbuktu in 1998. The article also explores projects at the Gorée Printing Studio from 1998 to 2013, including the "Kawral" portfolio, in which Breytenbach participated as one of the artists. Apart from cultural activities, Breytenbach's duties as the executive director of the Gorée Institute, from 2002 and 2010, are also investigated. The article refers to the reception of the three volumes of Imagine Africa (2011, 2014 and 2017), and mentions current projects at the Gorée Institute. Finally, the article identifies several follow-up questions for further research and investigation.

1. Inleiding

In hierdie artikel word 'n kartering van Breyten Breytenbach se werksaamhede by die Gorée-instituut vir demokrasie, ontwikkeling en kultuur in Afrika (van 1987 tot 2017) gemaak. Die historiese bestekopname behels *nie* dat die ontstaansgeschiedenis van die instituut opgeskryf word óf dat die werksaamhede van die instituut op 'n chronologiese volgorde gelys word nie, maar dat die inisiatiewe en projekte waarby Breytenbach betrokke was, met goed beredeneerde, histories-gestaafde feite op 'n beskrywende wyse uiteengesit word. Daarbenewens word leemtes in die ondersoek geïdentifiseer met die oog op verdere navorsing. Die artikel behels dat daar enersyds staatgemaak word op direkte waarnemingsmetodes, soos die opspoor van manifeste, persverklarings, artikels, koerantberigte, referate, briewe en bydraes op die internet; andersyds, dat

daar van indirekte waarnemingsmetodes gebruik gemaak word, soos mondelinge of geskrewe response op vrae¹, wat onderhoude met belanghebbendes insluit (Mouton en Marais, 1992: 77).

1.1 *Werkswyse*

Breyten Breytenbach noem in 'n onderhoud met Willem de Vries in *Woordenaar, woordnar* (2019) dat mens

eerstens moet [...] onthou dat Gorée 'n eiland is met 'n lang geskiedenis as slawedepot, maar ook dat dit die vergestalting is van die saambestaan van voorouergebruiken en meer onlangse gelowe en selfs van sinkretismes, van 'n baie konkrete koloniale aanwesigheid – die skole, die argitektuur – én dié van byna al die Senegalese kulturele families. Dit is by uitstek die plek gefatsoeneer deur “n geheue aan wind” (De Vries en Breytenbach, 2019: 22).

Uit die aanhaling blyk die belangrikste aspek die lang geskiedenis van Gorée-eiland as slawedepot te wees. In die *Encyclopedia of Africa* (2010) word die Gorée-eiland aan die kus van Senegal as een van die “belangrikste slawehawens van die transatlantiese slawehandel” beskryf. Aanvanklik is die eiland deur Portugese ontdekkingsreisigers in die vyftiende eeu gevëstig en is die eiland “Palma” genoem. Vanweë die strategiese waarde van die eiland, wat 'n belangrike verversingstasie vir ontdekkingsreisigers op pad na Asië om die suidpunt van Afrika geword het, is dit in 1588 deur Nederland in beslag geneem. Die eiland se naam is toe na “Goede Reede” verander, maar dié naam het met die verloop van tyd tot “Gorée” verbrokkeld. Gedurende die volgende drie eeue het die Gorée-eiland sewentien keer van hand gewissel en is die eiland opeenvolgens deur die Portugese, die Nederlanders, die Franse en die Britte beveg. As gevolg van Gorée se plasing het Senegambië een van die belangrikste afsetpunte van slawehandel geword, en het die eiland ten minste 'n derde van die gevangenes wat vóór 1600 weggevoer is, voorsien. Sue Segar (2004) skryf in 'n berig in die *Natal Witness*, getiteld “Senegal's island of pain”, dat die historiese Maison des Esclaves in 1536 deur die Portugese ontdekkingsreisigers gebou en in 1776 deur die Nederlandse setlaars herbou is. Dié historiese gebou met sy “deur van geen terugkeer nie” (“La porte du ‘voyage sans retour’” in Frans) waarvan slawe weggevoer is om nooit weer hulle families te sien nie, is vandag een van die bekendste simbole van die era van slawerny. Die Gorée-eiland is sedert 1978 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied. Dit is 'n plek waarvandaan miljoene slawe oor die tydperk van 300 jaar, van Afrika na Europa, die Amerikiese Eilande weggevoer is. Die Gorée-eiland se

argitektuur word dan ook gekenmerk deur die Portugese, Nederlandse, Engelse en Franse opeenvolging. Volgens UNESCO (2020) se webblad is die kontras veral duidelik tussen die grimmige slawekwartiere en die elegante huise van die slawehandelaars en dien dit vandag as herinnering aan die menslike uitbuiting, maar staan terselfdertyd ook in teken van versoening.

’n Aantal van Breytenbach se gedigte, byvoorbeeld “2 Oktober 1988” in *Soos die so* (1990), “eiland (2)” in *Nege landskappe van ons tye bemaak aan ’n beminde* (1993a), en “Gorée-ure 2.” in *Die windvanger* (2007a), stel die hedendaagse belewing van die alledaagse werkzaamhede op die Gorée-eiland teenoor die geskiedenis van slawerny. Die spreker in Breytenbach se “2 Oktober 1988” verwys byvoorbeeld na “die baie / blougeswelde kadawers” wat “[v]lak onder die geheue” “dobber en bloei”; in “eiland (2)” word in die eerste strofe verwys na “doodskrete gevleg in stilte / oor die eeu toe slawe hiervandaan verskeep is” (reëls 7-8) en in “Gorée-ure 2.” na “soveel slim swart lywe elk voorbestem vir die dood” (reël 22). Die ontleding van die gedigte is egter nie die fokus van hierdie artikel nie, maar sal in die derde van vier artikels behandel word (vergelyk Roux, 2019; T’Sjoen en Roux, 2020a). Die vier artikels wat in die vooruitsig gestel word vir die VisionKeepers-projek,² is die volgende:

- i. ’n verkennende ondersoek na Breyten Breytenbach se historiese betrokkenheid by die Gorée-instituut vir demokrasie, ontwikkeling en kultuur in Afrika (1987-2017);
- ii. ’n kritiese evaluasie van Breyten Breytenbach se aspirasie “om Afrika te verbel” met behulp van Karl Popper se kritiese rasionalisme en sy “drie wêrelde”-model;
- iii. ’n bestudering van die wyse waarop die filosofiese idees “om Afrika te verbel” sy poësie beïnvloed het, met ’n spesifieke verwysing na die poësie wat ná sy vrylating uit die tronk geskryf is; en
- iv. ’n vergelyking van Breytenbach se werk met dié van digters opgeneem in die eerste volume van *Imagine Africa* (2011), waarvan Breytenbach ook die redakteur is.

’n Aantal aspekte word in hierdie artikel vooropgestel, wat ’n breë raamwerk skets van Breytenbach se betrokkenheid by die Gorée-instituut, van 1987 tot 2017. Hulle sluit in: die konseptualisering van die Gorée-instituut, van 1987 tot 1992; twee digtersfeeste, waarvan die eerste in 1992 by die opening van die Gorée-instituut plaasgevind het, en die tweede, ’n poësiekaravaan van Gorée na Timboektoe in 1998 was; ses kunsportefeuilles by die Gorée-instituut se drukkunsateljee, van 1998 tot 2013, waarvan Breytenbach betrokke is by die

eerste, genaamd “Kawral”; Breytenbach se rol as uitvoerende direkteur van die Gorée-instituut, van 2002 tot 2010; die drie volumes van *Imagine Africa* (2011, 2014 en 2017), waarvan Breytenbach die redakteur van die eerste volume was; laastens, hedendaagse werksaamhede by die Gorée-instituut, met spesifieke verwysing na die projek “Our inner Africas”, wat Breytenbach in sy toespraak “Modernities & our inner Africas” (Breytenbach, 2018a:5-17) vermeld.

2. Vertrekpunte

Aanvanklik sal dit insiggewend wees om die logo van die Gorée-instituut te bestudeer, ’n ontwerp deur die Senegalese kunstenaar Mohammed Soumaré.



Volgens die Gorée-instituut se webblad, herinner die kleur van die logo aan die sand van die Sahara, terwyl die lettertipe aan ’n antieke plaat herinner wat onder die woestynsand begrawe was, wat deur “die asem van Harmattan”³ (die wind) onthul is. Die logo roep terselfdertyd die simbool van die Feniks op, waarvolgens die Gorée-instituut die Afrika-kontinent gedenk soos wat dit herry's vanuit die pyn en lyding meegebring deur slawerny, kolonialisme en apartheid, maar terselfdertyd geïnspireer is deur mense se moed, deursettingsvermoë en toewyding om menseregte te eerbiedig. Die kern van die logo stel die kop van ’n roeier voor, wat ’n simbool is van die mens, maar ook van die vorm van die Gorée-eiland. Die persoon se arm stel die roeier van ’n boot voor, wat die sogenoemde “selfvoorsienighedsbeginsel” beklemtoon, naamlik dat “ons moet ‘roei’” om “ons boot (eweredig) te dra”. Die lyne aan die onderkant van die roeier stel die seë rondom die omgewing van die eiland voor en kan ook gesien word as die eksterne wêreld. Die raam stel die waardes van die Gorée-instituut voor, wat innovering, kreatiwiteit, nonkonformisme en provokasie vooropstel (vergelyk Gorée-instituut, 2020; T'Sjoen en Roux, 2020b). Die verbeeldingryke en simboliese krag van die logo van die Gorée-instituut, sluit aan by Breytenbach se aspirasie “om Afrika te verbeel”, wat ten doel stel om Afrika te sien vir wat dit is (Breytenbach, 2015: 117, 121).

2.1 Die konseptualisering van die Gorée-instituut (1987-1992)

In die derde hoofstuk van Frederik van Zyl Slabbert se boek *Afrikaner Afrikaan* (1999), getiteld “Verhoudings en toevalighede”, beskryf hy kortlik die prosesse wat daartoe gelei het dat hy, Breyten Breytenbach en Alex Boraine, met die politieke hulp van die Franse presidentsvrou, Danielle Mitterrand, die Senegalese president Abdou Diouf en die finansiële hulp van George Soros, die Dakar-samesprekings tussen meestal Afrikaanssprekendes en lede van die ANC in Julie 1987 kon reël (Slabbert, 1999: 35).⁴ Ook Herman Giliomee (2009: 33) verwys na die verwikkelinge agter die skerms in sy artikel, “True Confessions, End Papers and the Dakar conference: A review of the political arguments”:

A few months later Slabbert and Breytenbach met on the island of Gorée off the coast of Dakar, Senegal. They decided that Dakar was a suitable venue. Slabbert and Boraine raised the funds in [the] United States, and found George Soros, a well-known international financier, willing to donate a substantial sum, although he feared that South Africa was doomed and the conference futile. In the [meantime] Breytenbach used his contacts with Danielle Mitterrand, the French president's wife and head of the France Liberté institute, to smooth the entry into Senegal. She enjoyed a good relationship with Abdou Diouf, the Senegalese President.

Giliomee (2009: 33) verwys na die Dakar-konferensie self en noem dat die Suid-Afrikaanse media die nuus versprei het van 'n vergadering tussen 'n ANC-afvaardiging van 11 senior lede, onder leiding van Thabo Mbeki (insluitend Alfred Nzo, Steve Tshwete, Mac Maharaj, Pallo Jordan, Kader Asmal, Bridget Mabandla, Essop Pahad en Barbara Masekela), en 'n groep van 59 mense wat deur IDASA genooi is. 'n Lys van die name van diogene wat die Dakar-konferensie bygewoon het, met 'n kort opsomming van hulle biografiese besonderhede, word in Slabbert (2006: 79-84) uiteengesit. Slabbert (1999: 40-41) skryf dat hy en Breytenbach na afloop van die Dakar-konferensie, teruggekeer het na Senegal om president Diouf persoonlik te bedank vir sy ondersteuning insake die reël van die Dakar-konferensie. Diouf het toe vir Breytenbach en Slabbert gevra of hulle van plan is om Senegal en die res van Afrika te ignoreer noudat hulle gekry het wat hulle wou hê. Dié versoek het Breytenbach en Slabbert onkant betrap, maar hulle het beloof om oor die saak na te dink. Nie baie lank na afloop van die samespreking met Diouf nie, het Breytenbach en Slabbert met die konsep van die Gorée-instituut vir demokrasie, ontwikkeling en kultuur in Afrika vorendag gekom.

Slabbert (2006: 85-86) vertel in *The other side of history* (2006) dat die idee vir die instituut ontstaan het omrede die feit dat dit vir Afrika-lande nodig geword het om hul hulpbronne en probleme van ekonomiese ontwikkeling en politieke transformasie met mekaar te vergelyk, wat die slaggate insluit wat vermy behoort te word en hoe samewerking tussen verskillende lande bevorder kan word. Breytenbach het hiermee akkoord gegaan, maar het ook bygevoeg dat die kultuurdimensie, spesifiek in die Afrika-konteks, noodsaklik was om in te sluit. Breytenbach skryf dan ook uitvoerig in *Terugkeer na het paradijs* (1993c) oor die periode van sy ontmoeting met Frederik van Zyl Slabbert toe hy hom vir die eerste keer in die tronk sou besoek en die herontmoeting later in Parys, Frankryk:

Mijn eerste ontmoeting met Van Zyl Slabbert vond plaats toen hij me in de gevangenis kwam bezoeken. Indertijd leidde hij de oppositie in het parlement. Yolande had zijn hulp ingeroepen om te proberen me vrij te krijgen. (Nog tegen het eind van mijn detentie gaf de minister van Justitie en Gevangeniswezen, Kobie Coetsee, aan Slabbert te kennen dat ik mijn vrijheid kon krijgen als hij Yolande en mij kon overreden te scheiden – een manoeuvre die Slabbert hakkelend van verachting verwierp.) Ik kwam vrij, vertrok en schudde het stof van Babylon van mijn voeten; en toen ik Slabbert weer zag was het in Parijs en dacht hij erover de uitzichtloze kamer van het 'Alleen-Voor-Blanken'-parlement te verlaten. Dat deed hij ook, wij raakten bevriend, ik hielp hem zijn uitnodiging voor Senegal te bezorgen, we begonnen samen te dromen (Breytenbach, 1993c: 29).

Na afloop van Breytenbach en Slabbert se voorlegging van die Gorée-instituut aan president Diouf, word 'n uitvoerbaarheidstudie deur Breytenbach en Slabbert geloods voordat die instituut offisieel in 1992 geopen word. Tania Slabbert, die dogter van Frederik van Zyl Slabbert, en André Zaaiman, die indertydse direkteur van IDASA (Institute for Democratic Alternatives in South Africa) in Pretoria, is voltyds betrokke by die uitvoerbaarheidstudie. Slabbert word aangewys as die eerste president van die Gorée-instituut en Zaaiman as die uitvoerende direkteur, 'n pos wat Breytenbach van 2002 tot 2010 sou beklee en vandag deur Doudou Dia beklee word. Die Gorée-instituut word amptelik op 25 Junie 1992 deur president Diouf geopen. Maison du Soudan is die hoofgebou van die instituut en in 1994 word 'n nuwe perseel vir die instituut aangekoop – Maison de Soros, vernoem na die belegger Georges Soros. Die eerste raad van trustees bestaan uit verteenwoordigers van Nigerië, Benin, Zambië, Ghana, Senegal, Eritrea, Suid-Afrika, Kanada, Duitsland en Frankryk, en die eerste werkswinkel handel oor demokratiese organg in Afrika (Slabbert, 2006: 85-90).

2.2 *Digtersfeeste*

'n Klein digtersfees word saam met die opening van die Gorée-instituut gereël en word deur die Nederlandse digter Jan Kees van de Werk georganiseer. Digters uit Senegal, Niger, Mali, Togo, Suid-Afrika, en 'n aantal Europese lande, word na die fees genooi. Van de Werk (2000: 10-11) skryf in sy boek *De karavaan van de verbeelding. Van Gorée naar Timboektoe* soos volg oor die aangeleentheid:

De Touareg-dichter uit Niger ging in de clinch met de deelnemer uit Togo over de betekenis van het woord en de beeldenvrijdom in beider cultuur van origine. De dichter uit Mali discussieerde met zijn collega uit Zuid-Afrika over de overdracht van kennis door middel van poëzie. De Wolof-talige straatdichters van Dakar gingen in debat met in het Frans schrijvende Senegalese dichters van meer salonachtige allure. De een toetste zijn idee over de verhouding tussen politiek en poëzie aan die van de ander (Van de Werk, 2000: 10-11).

Behalwe vir die digtersfees, vermeld Van de Werk in 'n artikel, getiteld "The word on its way: a poetry caravan from Gorée to Timbuktu" (1998), dat daar indertyd planne gemaak is vir 'n sogenaamde poësiekaravaan wat vanaf Gorée in Senegal na Timboektoe in Mali sal reis. Die doel van die karavaan is dat tien digters, vanuit die vier uithoede van Afrika, met kar, trein of boot, van Gorée na Timboektoe, sal reis. Die digters wat aan die poësiekaravaan deelgeneem het, is Breyten Breytenbach en Antjie Krog (Suid-Afrika), Thierno Seydou Sall (Senegal), Albakaye Ousmane Kounta (Mali), Werewere Liking (Kameroen), Chirikure Chirikure en Chenjerai Hove (Zimbabwe), Zein al Abdin Fouad (Egipte), Eraf Hawad (Sentraal-Sahara) en Amina Saïd (Tunisië). Die planne vir die poësiekaravaan, sowel as die verwesenliking daarvan, word in Van der Werk (2000) se boek, *De karavaan van de verbeelding. Van Gorée naar Timboektoe* beskryf. Sigself bestaan die boek uit drie dele, naamlik "De poëzie van de droom", "Op weg van Gorée naar Timboektoe" en "Woorden onderweg". Die aanvanklike idee vir die poësiekaravaan is deur Breytenbach bedink. Van de Werk (2000: 11) verwys soos volg na Breytenbach se aanvanklike idee soos deur hom verwoord in *Terugkeer naar het paradijs*:

Na het festival wierp de Zuid-Afrikaanse dichter Breytenbach mij zijn droombal toe, een poëziekaravaan te organiseren. Een karavaan tussen het door zee omgeven Senegalese eiland Gorée met zijn slavenverleden en de door woestijnzand omspoelde stad Timboektoe in Mali, waar in vroeger tijden wijsheid en wetenschap hoogtij vierden. Het was al een droom die al in zijn boek *Terugkeer naar het paradijs* aangestipt werd. 'Willy, de lachende revolutionaire dichter, luisterde naar mijn evocatie en vroeg om een borrel. Samen droomden we van de dag

dat er hier in Timboektoe een bijeenkomst van Afrikaanse dichters kon worden gehouden, al was het maar om stil te staan bij het voorbijgaan van kennis.'

Die aangehaalde gedeelte uit *Terugkeer naar het paradijs* (1993c) deur Breytenbach, is geneem uit die Nederlandse vertaling van Mea Flothuis. Dié boek is die laaste van 'n trilogie, waarvan '*Seisoen in die paradys*' (1976), *The true confessions of an albino terrorist* (1984) en *Return to paradise* (1993b) (die oorspronklike Engelse weergawe), deel uitmaak. In Breytenbach se voorwoord tot *Terugkeer naar het paradijs*, onderteken "Gorée, februari 1993", verwys hy ook na sy kennismaking met president Abdou Diouf en wyle president Thomas Sankara van Burkina Faso, toe hy in Wes-Afrika tyd deurgebring het, wat hom in staat gestel het om gedurende 1987 die Dakar-samesprekings tussen progressiewe Afrikaners en lede van die ANC te reël (Breytenbach, 1993c: 8). In die slohoofstuk van *Terugkeer naar het paradijs*, getiteld "Het bezoldelde hart", droom Breytenbach van hoe die toekoms in Gorée, met spesifieke verwysing na die Gorée-instituut, daar sal uitsien:

Slabbert en ik zullen Sembene Ousmane gaan begroeten in zijn atelier en hem vragen mee te doen met ons plan, de verwezenlijking van het Gorée Instituut, ondergebracht op het eiland in het elegante Maison du Soudan. Hier zullen we ons werk voor de democratie, ontwikkeling en cultuur in Afrika beginnen ... (Breytenbach, 1993c: 264).

Dit is egter belangrik om te noem dat hierdie twee poësiefeeste *nie* die enigste twee poësiefeeste is wat by die Gorée-instituut gehou is nie. Amanda Fortier (2015) berig oor 'n poësiewerkswinkel in Maart 2015, getiteld "Seeing Africa through the eyes of poets", waaraan 'n aantal digters regoor Afrika deur die *Open Society Initiative for West Africa*, genooi is om deel te neem:

Organized by the *Open Society Initiative for West Africa*, the residency was led by Breytenbach and Véronique Tadjo, a prominent Ivorian writer and scholar. It welcomed participants from Benin, Côte d'Ivoire, Liberia, Niger, Nigeria, Senegal, and Togo – all of whom came to reignite a literary tradition that has begun to fade, and to help promote arts, culture, and freedom of expression as intrinsically effective methods of fostering open societies in the region.

Alhoewel daar slegs van drie poësiefeeste melding gemaak word in hierdie artikel, sou daar veel meer as drie poësiefeeste en (of) skrywerswerkswinkels moes wees. Ook is daar vermelding van skrywersresidensies op die eiland, byvoorbeeld dié van die Poolse skrywer Ryszard Kapuściński wat die laaste deel van *The Shadow of the Sun* by die Gorée-instituut geskryf het (vergelyk Johnson en Breytenbach, 2002: 138). Die doel van hierdie artikel is wel nie om 'n chronologiese tydlyn op te stel

met inligting oor die poësiefeeste, skrywersresidensies en werkswinkels wat by die Gorée-instituut aangebied is nie, maar om vas te stel in watter hoedanighede Breytenbach by die Gorée-instituut betrokke was. Dit word gedoen met die doel om toekomstige navorsingsfokusse te verskerp.⁵

2.3 Die Gorée-instituut se drukkunsateljee (1998-2012)

As deel van Breytenbach se kunsuitstalling, getiteld *The 81 ways of letting go a late self* (2018b), wat van 2 Februarie tot 22 Maart 2019 by die Unisa-kunsgalerij uitgestal was, word in die persverklaring verwys na 'n kunsportefeuilje, genaamd "Kawral" wat Breytenbach in samewerking met Melvin Edwards (VSA) en Souleymane Keita (Senegal) tydens sy aanstelling by Gorée-instituut geskep het. Enkele van die etse vorm deel van die Unisa-kunsgalerij se permanente versameling:

Unisa has a long-standing relationship with Breytenbach and his practice. A portfolio of etchings titled 'Kawral', created during Breytenbach's tenure at the Gorée Institute, where the artist collaborated with Melvin Edwards and Souleymane Keita, forms part of the Unisa Art collection (Unisa Art Gallery, 2019).

Dié verwysing het ons eerstens aangemoedig om verder op te lees oor die drukkunsateljee by die Gorée-instituut, en tweedens, oor die "Kawral"-portefeuilje. Op die webblad van die Gorée-instituut, word 'n afdeling gewy aan "L'Atelier de Gravure Goree Institute", waarin Amadou Kane Sy (alias Kan Si) noem dat die drukkunsateljee daarop gemik is om projekte te ontwikkel wat ooreenkoms met die ideale van die Gorée-instituut, en die tematiese werkswinkels het onderwerpe soos HIV-Vigs, vrede en konflikoplossing, geslag en vryheid aangespreek. Daarbenewens moet ook kreatiewe energie rondom die artistieke aktiwiteite van die verskillende vorme van drukkuns, aanmoedig word:

The 'Goree Institute Printmaking Studio' is an integral part of the cultural program of the Gorée Institute, which aims to develop projects and programs along the lines of democracy, development and culture in Africa. The engraving workshop [...] is dedicated to first serve as visual resonance with the concepts and ideas of the organization [...] but also allow to develop diverse and creative energies around this artistic activity (Gorée-instituut, 2020b).

Die persverklaring van 'n gesamentlike uitstalling, genaamd "From Kawral to Sargal: 15 Years of Printmaking in Senegal", wat van 28 Junie tot 28 September 2013 in die Raw Material Company in Dakar, Senegal uitgestal is, noem dat "Kawral" die eerste etse-portefeuilje was wat in 1998 op die Gorée-eiland geskep

is. Die woord “Kawral” beteken “gemeenskap” in die taal Fulani. Die laaste van die ses portefeuilles, getiteld “Sargal Gorée”, het in 2012 verskyn en beteken “om hulde te bring aan Gorée” in Wolof. Altesaam ses portefeuilles is uitgestal, naamlik “Kawral, “Here”, “Jamm Rek”, “Collecte 2”, “Jam Tan” en “Sargal Gorée”. Kunstenaars wie se werk daarvan deel uitmaak, sluit in Abdoulaye Ndiaye, Amadou Camara Gueye, Arfang Sarr, Birame Ndiaye, Breyten Breytenbach, Cheikh Niass, Cheikhou Keita, El Sy, Gabriel Kemzo Malou, Fola Lawson, Kalidou Sy, Kan Si, Khadidiatou Sow, Magatte Toure, Marianne Senghor, Melvin Edwards, Muhsana Ali, Ngoor, Piniang, Séa Diallo, Serigne Ndiaye, Seydou Diedhiou en Souleymane Keita (Anon, 2013).

Twee vrae kom uit die bogenoemde opsomming na vore: die eerste vraag is na die wyse waarop die tematiese werkswinkels deur Amadou Kane Sy gestructureer is en die tweede na die wyse waarop die kunstenaars die projekte aanpak. Uit die aard van die saak sou dit voordelig wees om self die drukkunsateljee by die Gorée-eiland te besoek en die argiefmateriaal oor die drukkunsateljee te bestudeer.⁶

2.4 Breyten Breytenbach as uitvoerende direkteur (2002-2010)

Die Gorée-instituut bestaan uit ’n raad van direkteurs, waaronder die uitvoerende direkteur aan die stuur is van die instituut sigself. Breyten Breytenbach dien as die uitvoerende direkteur van die Gorée-instituut van 2002 tot 2010. In ’n onderhou met Stephen Johnson (2002: 133-142) brei Breytenbach soos volg uit oor sy taak as uitvoerende direkteur:

SJ: You’re also closely involved with efforts at promoting African democracy and literature.

BB: You’re referring to the Gorée Institute, a Pan-African N.G.O. (non-governmental agency associated with the United Nations) on Gorée Island, off the coast of Senegal. I’m the executive director, which is a whole new ball-game – I have to learn things like cash flows, and managing budgets and people.

Gorée is a center for democracy, development, and culture in Africa, which works in the overtly political field. It’s a center for political dialogue and research, where we can discuss the real underlying problems in Africa such as bringing people and groups together, speaking up about human rights abuses within Africa. We do community development, support local sports clubs, find means to send students to university, teach fishermen about managing their budgets, etc. That arm of the Gorée Institute figures out how to strengthen these mechanisms in civil society.

Culturally, it’s like an offshore think tank or an ‘open-air university’ for writers and artists. I’m trying to make it the reference place for literature on the continent. We’ll have a regular

series of residences and an annual conference with African and other writers [*sic*] talk about problems of writing in the context of Africa. For example, why are there no decent publishers? Why are there so few bookstores? How do African writers get published, get translated, and how do we distribute books? Of course, we'll deal with deeper questions of identity, diversity, the function of the writer in society, memory, etc. In fact, Ryszard Kapuscinski wrote the last part of *The Shadow of the Sun* at the Institute (Stephens en Breytenbach, 2002: 138).

Behalwe vir die bewerkstelling van politieke dialoog, die bemagtiging van die burgerlike samelewing en die opbou van die kunste in Afrika, kan gevra word watter hoogtepunte uitstaan in sy periode as uitvoerende direkteur van 2002 tot 2010, waarvan die onteiening van Maison du Soudan in 2005 en Breytenbach se "om Afrika te verbeel"-toespraak tydens die ARTerial-kongres in 2007 uitstaan. Dié twee aspekte word hieronder kortlik omlyn. Daarnaas word ook vermelding gemaak van 'n onderhoud wat die Ivoiriaanse skrywer en akademikus Tanella Boni (2009) met Breytenbach gedurende sy direkteurskap gevoer het.

2.4.1. Die onteiening van Maison du Soudan (2005)

Een van die draaipunte tydens die eerste dekade van die Gorée-instituut, was toe die Senegalese president Abdou Diouf in 2000 uitgestem is. Hy is opgevolg deur president Abdoulaye Wade, wat nie die Gorée-instituut so goedgesind soos sy voorganger was nie. Slabbert (2006: 88-89) meen dat president Wade vanuit die staanspoor jaloers en vyandig was teenoor die sukses wat die Gorée-instituut geniet het. Dié gegewe word dan ook vererger deur sy seun, 'n korrupte sakeman, wat sowel Maison du Soudan en Maison de Soros begeer het. Maison de Soros is privaat-eiendom, maar Maison du Soudan is aan die Gorée-instituut gegee ingevolge die Accord de Siège tussen die Gorée-instituut en die voormalige regering. Die Maison du Soudan is egter in Maart 2005 deur president Wade onteien en die werkers aan die Gorée-instituut is met geweld van die perseel verwyder. In 'n berig oor die incident, getiteld "Cops want to evict Gorée staff" (2005), noem Breytenbach dat die enigste wettige kontrak wat hulle gehad het 'n brief van die Senegalese minister van buitelandse sake in Desember 2003 was, waarin hulle verneem het van die onttrekking van die landooreenkoms. Breytenbach noem dat geen motivering daarvoor gegee is nie. Die Gorée-instituut het gepoog om in kontak te tree met president Wade, maar hy het eenvoudig geweier om hulle te sien. Wade het wel genoem dat die regering in werklikheid nie enige ooreenkoms onttrek het nie, maar slegs 'n klousule geaktiveer het, naamlik dat die regering die eiendom kan terugneem (Anon, 2005). Slabbert (2006: 88-89) skryf dan soos volg oor die naloop van die gebeure: "In March 2005 the Maison du Soudan was

appropriated by the state, and our workers forcefully removed; and we had to find alternative conference facilities and offices for our staff.”

2.4.2. Die ARTerial-kongres (2007)

Marilet Sienraert (1999: 80-89) skryf in haar artikel, getiteld “Africa and identity in the art and writing of Breyten Breytenbach”, dat Breytenbach se essays oor Afrika, veral rakende sy werksaamhede by die Gorée-instituut, nog nie in 1999 verskyn het nie – vergelyk Sienraert (1999: 85-86):

[Breytenbach’s] groundedness in Africa also finds persistent expression in a relatively new but more and more predominant branch of Breytenbach’s work, namely the philosophical essays, many of which are written for and in the context of the Gorée Institute’s activities. This institute was set up in the early eighties [*sic!*] when a group of influential Afrikaners met with a delegation from the then banned African National Congress in the city of Dakar. Breytenbach was instrumental in negotiating the establishment of a Pan African Institute on nearby Gorée, the small island and last foothold of slaves exported to the New World. It is now a Unesco World Heritage Site. The Gorée Institute operates as a think tank for democracy, culture and development in Africa, and since its inception has been pivotal in forging links between West and South Africa. Breytenbach’s commitment to the mission of the institute, as well as his participation in numerous workshops there, have led to a number of essays – some yet to be published – which further reveal how this particularly African sense of self informs his thinking.

Dit wil voorkom asof die “Imagine Africa”-toespraak, wat Breytenbach tydens die ARTerial-kongres op die Gorée-eiland tussen 5 en 7 Maart 2007 gelewer het, die eerste gepubliseerde teks is waarin Breytenbach sy idees oor Afrika op ’n filosofiese wyse uiteenset. Dié toespraak is opgeneem in *Parool/Parole* (2015: 117-125), en die vertaalde en verkorte weergawe weergawe van die toespraak verskyn op 31 Maart 2007 in *Die Burger*. Die kop van die berig lees soos volg:

Die Gorée-instituut het die frase ‘Om Afrika te Verbeel’ – die begrip en, natuurlik, aspirasie – geïdentifiseer as die blou draad wat deur al ons gesprekke en aktiwiteite loop, sê Breyten Breytenbach in sy toespraak ter opening van die ArtTerial-kongres vroeër vandeesdaan op die Senegalese eiland Gorée.

Dié toespraak word aan die hand van drie doelstellings gestruktureer, naamlik (1) om Afrika te sien vir wat dit is, (2) om te onderskei tussen die werklike en die imaginére, en (3) om te dink watter verwagtingshorison vir die jeug gestel word. Alhoewel dit nie die doelstelling van die artikel is om die toespraak hier krities te

evalueer nie, kan reeds gewys word op die belang van Breytenbach se aspirasie as rigtinggewend vir die Gorée-instituut en dat dit tekenend is van sy leierskap aan die instituut.⁷ Ander artikels waarin Breytenbach soortgelyke aspirasies oor Afrika koester, is “*Imagining Africa*” (2009: 3-59) in *Notes from the Middle World* (2009) en die inleiding tot die eerste volume van die bloemlesing *Imagine Africa* (2011).

2.4.3. In gesprek met Tanella Boni (2009)

’n Waardevolle bron oor die werksaamhede van die Gorée-instituut is die tweede onderhoud (van drie) wat die Ivoriaanse skrywer en akademikus Tanella Boni met Breytenbach in Frans gevoer het. Dié onderhoud het in Maart 2009 op die aanlynnydskrif *Africultures. Les mondes en relation* verskyn, getiteld “Gorée Institute ou la nécessité d’imaginer l’Afrique autrement” (of “Gorée-instituut of die noodsaak om Afrika anders te verbeeld” in Afrikaans). Die onderhoud skep egter verkeerdelik die indruk dat Breytenbach reeds sedert 1992 die uitvoerende direkteur van die Gorée-instituut was, wat nie die geval is nie. Breytenbach was die medestigter van die Gorée-instituut saam met Frederik van Zyl Slabbert in 1992, maar het eers in 2002 die leisels as uitvoerende direkteur van die instituut oorgeneem. Hierdie inligting word in Slabbert (2006: 89) se *The other side of history* bevestig, sowel as in ’n onderhoud met die Britse akademikus Bill Dodd (2017), getiteld “The art of Breyten Breytenbach: dreams, nightmares, politics, protest, fun”.

Die onderhoud met Tanella Boni is insiggewend vir ’n Afrikaanse gehoor, aangesien die inligting wat Breytenbach in die onderhoud verstrek (na my wete) nog nie in Afrikaans (of Engels) beskikbaar gestel is nie. Dit is in Breytenbach se kapasiteit as uitvoerende direkteur dat hy die onderhoudsvrae beantwoord, wat lig werp op die werksaamhede van die Gorée-instituut. Ons verstrek kortlik ’n samevatting van die belangrikste punte van die onderhoud:

Boni vra uit oor die programme wat aangebied word by die Gorée-instituut. Breytenbach wys pertinent op die driehoekige benadering van die programme: “politique-développement-culture”, wat nie gesien word as ’n “anachronisme” nie, maar veel eerder illustreer hoe intiem die prosesse van demokratisering gekoppel is aan dié van ontwikkeling en kultuur. Onderliggend hieraan is die gedagte dat kwessies van identiteit, kulturele diversiteit, burgerlike verantwoordelikheid, geheue en die behoefté om Afrika “anders” te bedink, aan die hart van prosesse van kreatiwiteit lê soos wat dit op ’n daaglikse wyse beoefen word. Dit gaan daaroor om die lede van die burgerlike samelewning toe te rus met die nodige middele om verantwoordelike burgers te wees, nie net van ’n land nie, maar ook van die kontinent as ’n geheel. Laasgenoemde kan met behulp

van konkrete projekte, byvoorbeeld werkswinkels en intervensies, beslag kry. Alhoewel Breytenbach die politieke onstabilitet en verval in Afrika erken, werk die Gorée-instituut saam met verskillende sektore van die samelewing om die nodige kapasiteit op te bou om verandering mee te bring. Daar is byvoorbeeld 'n hele eenheid binne die Gorée-instituut verantwoordelik vir die voorbereiding en begeleiding van regverdige verkiesings in Wes-Afrika wat met behulp van internasionale befondsing moontlik gemaak word.

Ander aspekte van die Gorée-instituut behels die fokus op kultuuraktiwiteite, byvoorbeeld die drukkunsateljee wat, volgens Breytenbach, een van die min geriewe is wat op dié gebied in Wes-Afrika bestaan, sowel as die poësiekaravaan, wat in 1998 van Gorée na Timboektoe gereis het. Oor laasgenoemde het twee boeke uit die pen van Jan Kees van de Werk verskyn en een dokumentêre film. Dit is egter nie net dié aspekte wat belang word nie, maar ook kreatiewe werkswinkels, wat onder andere musiek, letterkunde, teater en visuele kuns insluit. Breytenbach noem dat die probleem met kultuuraangeleenthede is dat maghebbers nie die belangrikheid daarvan erken of belangstelling daarin het nie. Wanneer 'n politikus oor demokrasie in Afrika praat, meen Breytenbach, lieg die politikus, aangesien dit slegs 'n manier is om die buitewêreld te laat glo dat dit 'n demokrasie is, omdat geldelike ondersteuning van buite nodig is. Ongelukkig lei dit, aldus Breytenbach, slegs tot die verryking van heersers. Breytenbach beklemtoon dat filosofiese werk gedoen moet word, dat mense moet leer dat ons onsself in 'n "ooreengekome wêreld" bevind, waar ons dink ons praat oor "dieselfde" ding, maar in werklikheid 'n "demagogiese taal" praat, wat nie met die werklikheid ooreenstem nie.

Soos reeds vermeld, was Breytenbach tot en met 2010 die uitvoerende direkteur van die Gorée-instituut. Hy is vandag steeds betrokke by die Gorée-instituut as adviseur van spesiale aangeleenthede op die raad van die instituut ("Board of Directors"); Doudou Dia is die uitvoerende direkteur (Gorée-instituut, 2020).

2.5 Publikasies (2011-2017)

Behalwe die direkteurspos, is Breytenbach ook betrokke by publikasies wat as uitvloeisel van sy werk by die Gorée-instituut verskyn. Dié publikasies vindveral gestalte in die werk van die Pirogue-kollektief. Willem de Vries vra in *Woordenaar, woordnar* (De Vries en Breytenbach, 2019: 21-22) hoe die werk van die Pirogue-kollektief aansluiting vind by die Gorée-instituut. Breytenbach skryf:

Die Pirogue-kollektief is 'n uitgroeisel van die instituut, maar betrek ook mense van buite die kontinent wat aktief skeppend op haar en sy terrein is – met die spesifieke doelstellings

om poësiefeeste, karavane, publikasies (soos *Imagine Africa*), vertalings, residencies, en ander kreatiewe aktiwiteite te bemiddel. Gehalte, vrye interaksie oor taal- en geografiese en kulturele grense heen, om van denke en drome dinge te maak, selfstandigheid waar moontlik ... Dit is déél van die keper.

In 2011 verskyn die eerste volume van die *Imagine Africa*-reeks deur Island Position uitgegee, en maak deel uit van die Pirogue-kollektief. Breytenbach is die redakteur hiervan. Ter inleiding van die eerste uitgawe, skryf Breytenbach die voorwoord, getiteld "Africa lives!": "The book you hold in your hand – the first product of the Pirogue Collective, the creative arts expression of the Gorée Institute, and under our own imprint, Island Position ..." (Breytenbach, 2011: 1). Die eerste volume van *Imagine Africa* word besonder goed ontvang (vergelyk Jurgens, 2011; Musila, 2011; Painter, 2012). Musila (2011) belig die inhoud van die boek soos volg:

Imagine Africa features an engaging range of voices, genres and perspectives on Africa. It includes the lyrical poetry of Cape Verdean Corsino Fortes, South African Adam Small and Kenyan Shailja Patel; the compelling critical essays of Africanists Stephen Ellis and Alex de Waal; and the evocative short stories of Eben Venter, Ayesha Harruna Attah and Ngugi wa Thiong'o; this volume mirrors the varied texture of the continent's linguistic, cultural and artistic landscapes. The various contributions are framed by Senegalese Amadou Kan Sy's evocative art. Though English seems to be the main language, some sections are bilingual, while other entries are translations from Portuguese, French, Gikuyu and Afrikaans (unfortunately these are the only African languages represented in the volume).

'n Kritiese vergelyking tussen die verskillende "verbeeldte Afrikas" wat in hierdie boek na vore kom, word beplan vir die vierde artikel (van vier). Breytenbach lewer self ook 'n bydrae tot die tweede uitgawe van *Imagine Africa* wat in 2014 verskyn, waarvan die voorwoord deur Georges Lory geskryf word, naamlik "Poets, to your quills, Africa is taking off" (Lory, 2014: 1-13). Breytenbach se bydrae tot dié volume is ses gedigte, wat vanuit die Afrikaans na Engels deur homself vertaal is, en na Frans deur Georges Lory. Die derde uitgawe van *Imagine Africa*, waarvan Bhakti Shringarpure die redakteur is, word in 2017 uitgegee. Dit is ook die jaar van die dertigste herdenking van die Dakar-samesprekings in 1987.

Wat die dertigste herdenkingsjaar van die Dakar-kongres aanbetrif, word verwys na Breytenbach se toespraak wat hy by die Universiteit van Pretoria gelewer het op 5 Oktober 2016, getiteld "Modernities & our inner Africas" (Breytenbach, 2018a: 5-17). Hierin stel Breytenbach 'n nuwe projek voor, genaamd "Our inner Africas" wat soos volg uiteengesit word:

Our inner Africas. The project, coordinated by the Gorée Institute and more specifically by the Pirogue Collective – the grouping which initiates festivals and literary caravans and publications and translations – will consist of conceiving of the possibilities and conditions for fifteen writers (to start with) to each have the time and support and leisure to do the book she or he has always dreamt of writing. Be it novel or travel journal or memoir (Breytenbach, 2018a: 15).

Alhoewel die projek in Oktober 2016 in die vooruitsig gestel is, is daar op hede nog nie enige uitsette gelewer nie. Dit sal interessant wees om te verneem na die vordering van hierdie projek.

3. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is verkennend ondersoek ingestel na Breyten Breytenbach se historiese betrokkenheid by die Gorée-instituut van 1987 tot 2017. Aanvanklik is die agtergrond van die oprigting van die Gorée-instituut geskets en spesifiek verwys na Slabbert en Breytenbach se samesprekings met die Senegalese president Abdou Diouf. Daar is ook gekyk na aangeleenthede ten tye van die opening van die Gorée-instituut op 25 Junie 1992, wat insluit 'n klein poësiefees wat Breyten Breytenbach saam met die Nederlandse digter, Jan Kees van de Werk, georganiseer het. Dié samewerking sou aanleiding gee tot die reël van 'n poësiekaraavaan van Dakar na Timboektoe in 1998, waartydens tien digters vanuit die vier uithoek van Afrika van Gorée na Timboektoe gereis het. Daarnaas is projekte van die drukkunsateljee by die Gorée-instituut, van 1998 tot 2013, bestudeer, wat insluit die "Kawral"-portefeuilje waarby Breytenbach as kunstenaar betrokke was. Die artikel het ook gepoog om Breytenbach se werkzaamhede as uitvoerende direkteur by die Gorée-instituut, tussen 2002 tot 2010, verkennend te beskou. Daar is ondersoek ingestel na enkele aspekte van sy direkteurskap, wat onder ander insluit die "om Afrika te verbel"-toespraak wat hy tydens die ARTerial-kongres in Maart 2007 gelewer het en inligting rakende sy werkzaamhede by die Gorée-instituut soos uiteengesit in die onderhoud wat hy met Tanella Boni gevoer het. Verder is daar gekyk na die drie volumes van *Imagine Africa* (2011, 2014 en 2017), wat deur Island Position uitgegee is en deel uitmaak van die Pirogue-kollektief, en vlugtig verwys na projekte by die Gorée-instituut wat tans in die pyplyn is, met spesifieke verwysing na die "Our Inner Africas"-projek.

Die vraag ontstaan na die kwessies wat uit bogenoemde narratiewe verslag na vore kom wat verdere navorsing moontlik maak. Vrae wat op die voorgrond tree, sluit in: Watter ander gebeurtenisse by die Gorée-instituut kan Breytenbach se betrokkenheid by die instituut meer in fokus bring? Daar word byvoorbeeld

verwys na 'n uitvoerbaarheidstudie voor die oprigting van die Gorée-instituut. Wat was Breytenbach se rol in die proses? Daar word slegs na twee digtersfeeste, onderskeidelik in 1992 en 1998, verwys, en melding van een poësiewerkswinkel in 2015 gemaak. Daar word ook melding gemaak van 'n skrywersresidensie op die eiland. Watter ander soortgelyke geleenthede is by die Gorée-instituut aangebied? Die afdrukke van die etse wat by die drukkunsateljee gemaak word, is nie geredelik beskikbaar op die internet om hulle byvoorbeeld vanuit 'n kunshistoriese hoek te bestudeer nie. Waar sou mens toegang tot die portefeuiljes kan verkry om die temas van die werkswinkels met die kunswerke te vergelyk? Dié vrae is tentatief van aard, maar sluit die moontlikheid van verdere navorsing in om die kartering van Breytenbach se betrokkenheid by die Gorée-instituut van nader te beskou. Dit is dan ook die hoop dat ons die Gorée-instituut kan besoek om die argiefmateriaal te bekom met die oog op verdere navorsing.⁸

Universiteit van Suid-Afrika, Universiteit Gent en Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

- Anoniem.** 2005. Cops want to evict Gorée staff. *News24Archives*, <https://www.news24.com/Africa/News/Cops-want-to-evict-Goree-staff-20050304>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020).
- Anoniem.** 2013. From Kawral to Sargal: 15 Years of Printmaking in Senegal. <https://www.e-flux.com/announcements/32459/from-kawral-to-sargal-15-years-of-printmaking-in-senegal/>. (Datum van gebruik: 12 Maart 2020.)
- Boni, Tanella & Breytenbach, Breyten.** 2009. Gorée Institute ou la nécessité d'imaginer l'Afrique. *Aficultures* 2 Mars. <http://africanarts.com/goree-institute-ou-la-necessite-dimaginer-lafrique-autrement-8418/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020)
- Breytenbach, Breyten.** 1976. [B.B. Lasarus] 'n Seisoen in die paradys: 'n Reisjernaal. Johannesburg: Perskor-uitgewery.
- Breytenbach, Breyten.** 1984. *The true confessions of an albino terrorist*. Emmarentia: Taurus.
- Breytenbach, Breyten.** 1990. Soos die so: Toktokkie se nagregister. Emmarentia: Taurus.
- Breytenbach, Breyten.** 1993a. *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*. Groenkloof: Hond /Somerset-Wes: Intaka.
- Breytenbach, Breyten.** 1993b. *Return to paradise. An African journal*. Kaapstad: David Philip.

- Breytenbach, Breyten.** 1993c. *Terugkeer na het paradijs: een Afrikaans journaal*. Vertaal deur Mea Flothuis. Amsterdam: Van Gennep / Meulenhoff.
- Breytenbach, Breyten.** 2007a. *Die windvanger*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 2007. Om Afrika te verbeel. Vertaal en verkort deur Gerrit Brand. *Die Burger By, Beeld By*, 31 Maart: 12-13, 10-11.
- Breytenbach, Breyten.** 2009. *Notes from the Middle World*. Chicago: Haymarket Books.
- Breytenbach, Breyten.** (red.) 2011. *Imagine Africa (Volume 1)*. Gorée: Island Position.
- Breytenbach, Breyten.** 2015. *Parool / Parole. Versamelde toesprake / Collected speeches*. Kaapstad: Penguin Books.
- Breytenbach, Breyten.** 2016. *Die singende hand. Versamelde gedigte 1984-2014*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Breytenbach, Breyten.** 2018a. Modernities & our inner Africas. Keynote address. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(1): 5-17.
- Breytenbach, Breyten.** 2018b. *The 81 ways of letting go a late self*. Cape Town: Stevenson.
- De Vries, Willem & Breytenbach, Breyten.** 2019. Nogtans word die woerde aan die wind toevertrou. In: Galloway, Francis (red.). *'n Huldiging: Breyten Breytenbach. Woordenaar, woordnar*. Pretoria: Protea.
- Dodd, Bill.** 2017. The Art of Breyten Breytenbach. Dreams, nightmares, politics, protest, fun. <https://wsimag.com/art/23178-the-art-of-breyten-breytenbach>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Encyclopedia of Africa.** 2010. Gorée Island, Senegal. In: Gates, H. & Appiah, K. (eds.). *Encyclopedia of Africa*. Oxford: Oxford University Press. <https://0-www-oxfordreference-com.oasis.unisa.ac.za/view/10.1093/acref/9780195337709.001.0001/acref-9780195337709-e-1690>. (Datum van gebruik: 12 Julie 2020.)
- Fortier, Amanda.** 2015. Seeing Africa through the eyes of poets. *Voices*, 30 March <https://www.opensocietyfoundations.org/voices/seeing-africa-through-eyes-poets>. (Datum van gebruik: 10 Maart 2020.)
- Giliomee, Herman.** 2009. *True Confessions, End Papers* and the Dakar conference: A review of the political arguments. *Tydskrif vir Letterkunde*, 46(2): 28-42.
- Gorée-instituut.** 2020. Gorée-instituut webblad. <https://www.goreeinstitut.org>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Gorée-instituut.** 2020a. Film documentaire sur l'historique du Gorée Institute. /The story of Gorée Institute. <http://goreeinstitut.org/index.php/mediatheque/actualites/item/1025-film-documentaire-sur-l-historique-du-goree-institute>. (Datum van gebruik: 12 Maart 2020.)

- Gorée-instituut.** 2020b. L'Atelier de Gravure Goree Institute. <https://www.goreeinstitut.org/index.php/programmes/peace-by-force-appui-a-la-creativite-artistique-et-litteraire/l-atelier-de-gravure-goree-institute>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Johnson, Stephen & Breytenbach, Breyten.** 2002. "Let's Survive": An Interview with Breyten Breytenbach. *Columbia: A Journal of Literature and Art*, 37: 133-142. JSTOR, www.jstor.org/stable/41804520. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Jurgens, R.** 2011. Imagine Africa: Idealism and disillusionment in the imagining of Africa. *LitNet*, 20 Oktober. <https://www.litnet.co.za/imagine-africa-idealism-and-disillusionment-in-the-imagining-of-africa/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Lory, Georges.** (red.). 2014. *Imagine Africa (Volume 2)*. Gorée: Island Position.
- Mouton, J. & Marais, H.C.** 1992. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Musila, Grace.** 2011. An invitation to imagine Africa otherwise. *Slipnet*, 11 Oktober. <http://slipnet.co.za/view/reviews/an-invitation-to-imagine-africa-otherwise/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Painter, Desmond.** 2012. Imagine Africa/ 'We are human!' Southern Psychologies. <https://southerncpsychologies.wordpress.com/2012/12/01/imagine-africa-we-are-human/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Roux, Alwyn.** 2019. The representation of "imagined Africas" in the poetry of Breyten Breytenbach from 1984-2014. *LitNet*, 26 Julie. <https://www.litnet.co.za/the-representation-of-imagined-africas-in-the-poetry-of-breyten-breytenbach-from-1984-2014/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Segar, Sue.** 2004. Senegal's island of pain. *News24 Archives*, <https://www.news24.com/Africa/News/Senegals-island-of-pain-20040818>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Shringarpure, Bhakti.** (red.). 2017. *Imagine Africa: Volume 3*. Gorée: Island Position.
- Sienraert, Marilet.** 1999. Africa and identity in the art and writing of Breyten Breytenbach. *Alternation*, 6(2): 80-89.
- T'Sjoen, Yves & Roux, Alwyn.** 2020a. *Om Afrika te verbeel*: Brugfuncties van Breytenbach en Gorée Instituut. *LitNet*, 17 Januarie. <https://www.litnet.co.za/om-afrika-te-verbeel-brugfuncties-van-breytenbach-en-goree-instituut/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- T'Sjoen, Yves. & Roux, Alwyn.** 2020b. VisionKeepers-projek. Unisa-seminaar (Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap). <https://www.litnet.co.za/unisa-seminaar-departement-afrikaans-en-algemene-literatuurwetenskap-visionkeepers-projek/>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)

- UNESCO.** 2020. Island of Gorée. <https://whc.unesco.org/en/list/26>. (Datum van gebruik: 11 Julie 2020.)
- Unisa-Art Gallery.** 2019. Unisa hosts exciting Breytenbach exhibition. <https://www.unisa.ac.za/sites/corporate/default/News-&-Media/Articles/Unisa-hosts-exciting-Breytenbach-exhibition> (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Van de Werk, Jan Kees.** 1998. The word on its way: a poetry caravan from Gorée to Timbuktu. BPN 23. <http://www.bellagiopublishingnetwork.com/newsletter23/werk.htm>. (Datum van gebruik: 9 Maart 2020.)
- Van de Werk, Jan Kees.** 2000. *De karavaan van de verbeelding. Van Gorée naar Timboektoe*. Amsterdam: KIT Publishers/Hivos.
- Van Zyl Slabbert, Frederik.** 1999. *Afrikaner Afrikaan*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Zyl Slabbert, Frederik.** 2006. *The other side of history. An anecdotal reflection on political transition in South Africa*. Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Note

1. Breyten Breytenbach het goedgunstig ingewillig om onderhoudsvrae te beantwoord wat uit hierdie ondersoek aan die lig kom. Die onderhoudsvrae is reeds elektronies aan Breytenbach versend en sal op 'n latere stadium gepubliseer word.
2. Die doelwit van die VisionKeepers-projek (VKP) is om “kennisoordrag te faciliteer, navorsingsdiskoers en -debat te stimuleer, 'n netwerk van eksterne navorsers te ontwikkel en in stand te hou, samewerking en moontlike vennootskappe te bevorder en uiteindelik die navorsingsbevoegdhede, uitsette, kwaliteit en impak van UNISA- navorsing sowel as dié van sy navorsers te versterk” (VKP Framework, 2018: 2-3; ons vertaling). Die postdoktorale navorsing word deur Yves T'Sjoen (Gentse Sentrum vir Afrikaans en die Studie van Suid-Afrika, Universiteit Gent) begelei.
3. In die eerste strofe van “2 Oktober 1988” word soog volg vermelding van “die asem van Harmattan” gemaak: “Die Harmattan waai 'n grys gesluerde gestalte oor Gorée-eiland / palmbome kruin en kreun in die wind, / 'n boot staan witsel teen die blou / soomlose verdiepings van 'n waterskeiding / waar hemel en brander wisselvloei / soos stroom en droom”.
4. Verwys ook na die dokumentêr, getiteld *Film documentaire sur l'historique du Gorée Institute / The story of Gorée*, wat op 24 Februarie 2020 op die Gorée-instituut se webblad gelai is (Gorée-instituut, 2020a).
5. Die vraag rondom poësiefeeste, skrywersresidensies en werkswinkels wat by die Gorée-instituut aangebied is, maak deel uit van die onderhoudsvrae wat ons aan Breytenbach voorgelê het. Die moontlikheid om die Gorée-instituut te besoek om die argiefmateriaal na te gaan, word in die vooruitsig gestel.
6. Die vraag rondom die strukturering van die drukkunswerkswinkels het ook betrekking op Breyten Breytenbach. Die vraag in watter mate hy saam met Melvin Edwards en Souleymane

Keita te werk gegaan het in die skep van die Kawral-portefeuilje, is aan hom voorgelê as deel van die onderhoud, sowel 'n vraag wat betrekking het op die inhoud van die Kawral-portefeuilje. Dit sal veral van kunshistoriese belang wees om hierdie inligting in te win.

7. Vir die tweede artikel van die VisionKeepers-program (VKP) word 'n kritiese evaluering van die "Imagine Africa"-toespraak beoog met behulp van die kritiese rasionalis Karl Popper se "drie-wêrelde"-model.
8. Met spesiale dank aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) se VisionKeepers-program (VKP) wat hierdie navorsing moontlik gemaak het.

Survival strategies of black female characters in Chika Unigwe's novel *On Black Sisters' Street*

Martina Vitackova

Oorlewingstrategieë van swart vrouekarakters in Chika Unigwe se roman On Black Sisters' Street

